

**'n Vlugtige oorsig van die inhoud van  
opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers  
wat gehegtheid in aanneming bevorder**

**ME Jansen van Rensburg**

 **orcid.org/0000-0003-01206-9876**

**Vorige kwalifikasie**

**MSD Maatskaplike Gesondheidsorg (Cum Laude)  
Universiteit van Pretoria**

**2006**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister Artium  
in Maatskaplike Werk in Kinderbeskerming aan die  
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof M Ubbink

Mede-studieleier: Prof MJD Schalk

Eksaminering: November 2018

Studentenommer: 29772346

Hierdie werk word opgedra aan my man, Bok Jansen van Rensburg.

## DANKBETUIGINGS

- My Hemelse Vader, wat my in staat gestel het om die studie te kon begin, uit te voer en af te handel.
- Prof. Marie Ubbink, vir haar geduld, motivering, opofferings en begeleiding tydens die studie.
- Prof. René Schalk, vir sy opofferings en begeleiding tydens die studie.
- Dr. Hanelie Malan, vir haar akademiese insette en motivering.
- My man, Bok Jansen van Rensburg, vir die volgehoue hulp, aanmoediging, motivering, geduld en baie opofferings tydens die volle tyd van my studie.
- My kinders, Corlia en Dawie Posthumus, Rudolph en Bernadette Jansen van Rensburg, Johannes en Christine Jansen van Rensburg, Andri en Dejuan Olivier, en my kleindogters, Carli en Anika Posthumus, vir die begrip, geduld, ondersteuning, motivering, opofferings en bystand tydens my studiejare.
- Me Ann-Lize Grewar en Marica du Preez, vir die professionele wyse waarop hulle die taalkundige versorging gedoen het.
- Dr. Lelanie Malan, vir die professionele wyse waarop sy bystand verleen en gehelp het met die analise en sintese van die navorsingsdata.
- Me Petra Gainsford, vir die professionele en puik tegniese versorging en finale samestelling.
- Prof. Elda de Waal, vir haar vriendskap, volgehoue motivering, belangstelling en motivering reeds vir etlike jare.
- Dr. Kobus Scholtemeyer, vir sy bystand, motivering en onderskraging, veral die afgelope jaar.
- Die Kinderbeskermingklas van 2017, vir die ondersteuning, motivering en vriendskap sedert ons eerste ontmoeting in Januarie 2017.

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Maria Elizabeth Jansen van Rensburg, die ondergetekende dat die skripsie getitel:

### **'n Vlugtige oorsig van die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder**

wat ek aan die Noordwes-Universiteit ter voldoening/gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die *Magister Artium* in Maatskaplike Werk (Kinderbeskerming), hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is, dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is, en dat dit nie reeds by 'n ander Universiteit ingehandig is nie.



**Handtekening van student**

29772346  
**Studentenommer**

14 Desember 2018  
**Datum**

# VOORWOORD

## Riglyne aan skrywers

### Die volgende is 'n opsomming en vertaling van die oorspronklike Engelse dokument

Die Vaktydskrif, Social Work/Maatskaplike Werk, publiseer artikels, boekresensies, en kommentaar op artikels wat reeds in die veld van maatskaplike werk gepubliseer is.

Bydraes mag nie direk aan die Vaktydskrif gestuur word nie. Skrywers moet op die webwerf registreer. Indien die skrywer reeds geregistreer is, mag die artikel in Word-formaat na [hsu@sun.ac.za](mailto:hsu@sun.ac.za) versend word.

- 1 Bydraes mag in Engels of Afrikaans geskryf wees.
- 2 Die artikel moet van 'n opsomming in Engels voorsien wees, wat nie meer as 100 woorde mag oorskry nie.
- 3 Alle bydraes sal krities hersien word deur ten minste twee verwysings wie se raadgewende bydraes deur die redaksionele komitee aanvaar of verwerp kan word.
- 4 Al die hersiening word streng vertroulik hanteer deur dubbel blinde eweknie-oorsig.
- 5 Manuskripte mag aan die skrywers teruggestuur word indien intensiewe hersiening vereis word of indien die styl of aanbieding nie aan die verseistes van die vaktydskrif voldoen nie.
- 6 Artikels minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde word normaalweg nie vir publikasie oorweeg nie.
- 7 Manuskripte moet in enkelspasiëring getik wees, in 12 pt Times Roman op A4 papier-grootte.
- 8 Die Harvardverwysingsstelsel moet gebruik word.
- 9 Wanneer kort woordelike aanhalings in die teks gebruik word, of feite of argumente van ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie and bladsy nommer(s) tussen hakies aangehaal word, bv. "..." (Berger, 1976:12).
- 10 Meer detail rakende die bronne wat in die teks gebruik word, moet aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Verwysings" aangedui word.

11 Die bronne moet alfabeties volgens die vanne van die skrywers aangedui word.

12 Hoofletters en numerering moet op die voorgeskrewe wyse aangedui word.

As deel van die voorleggingsproses, word skrywers versoek om die voorlegging se nakoming van die volgende items af te merk. Indien die outeur nie aan hierdie vereistes voldoen nie, mag die voorlegging aan die outeur terug gestuur word.

Die voorlegging mag nie voorheen gepubliseer gewees het of aan 'n ander vaktydskrif vir oorweging voorgelê wees nie. Indien dit reeds plaasgevind het, moet 'n verduideliking in die kommentaar aan die redakteur voorsien wees.

Die dokument van voorlegging moet in een van die volgende formate voorsien word: OpenOffice, Microsoft Word, RTF of WordPerfect.

Waar moontlik, moet die URLs van die verwysings voorsien word.

Die teks moet in enkelspasiëring getik wees, in 12pt Times Roman op A4 papier-grootte getik wees en alle illustrasies, figure en tabelle moet in die teks geplaas word, eerder as aan die einde van die dokument.

Die teks moet aan die styl en bibliografiese vereistes voldoen soos in die Author Guidelines, voorgeskryf, wat op die webwerf van die vaktydskrif verskyn.

Hierdie artikelformaat is gekies in ooreenstemming met regulasie A.7.2.3. vir die graad MSW in Kinderbeskerming. Die artikel sal voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif *Social Work/Maatskaplike Werk*.

## OPSOMMING

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is in hierdie vlugtige oorsig (rapid review), gevolg met die basiese navorsingsdoelstelling om bestaande literatuur te verken ten einde 'n antwoord op die navorsingsvraag te voorsien. Die navorsingsvraag was: Wat behoort die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers te wees om gehegtheid in aanneming te bevorder? Hierdie vraag kom vanuit die praktyk na vore maar is bevestig vanuit die literatuur.

Aannemingsmaatskaplike werkers in privaatpraktyk sowel as by aannemingsorganisasies word gekonfronteer met emosionele en gedragprobleme van aangenome kinders wat nie deur die aanneemouers hanteer kan word nie. Globale statistiek toon dat bykans 25% van alle aannemings misluk vanweë verskeie probleme. 'n Gebrek aan kennis van die gehegtheidsteorie kan 'n verklaring bied waarom maatskaplike werkers nie in staat is om die aanneemouer te begelei in terme van gehegtheidsproblematiek nie.

Aanneming is die wetlike reëling waartydens die verantwoordelikhede en regte van die biologiese ouer van 'n kwesbare kind getermineer en permanent aan die aanneemouer toegeken word, gefasiliteer deur die aannemingsmaatskaplike werker se addisionele gespesialiseerde en in-diepte kennis, vaardigheid, en kundigheid. Vanuit die navorsing blyk dit dat die ouderdom waarop kinders vir aanneming beskikbaar gestel word, wêreldwyd verhoog en dat die aanneming van babas tans die uitsondering is.

Gehegtheid verskil van die biologiese proses van binding wat voor geboorte plaasvind, en is 'n emosionele proses wat ná geboorte ontwikkel as gevolg van interaksie tussen die primêre versorgers en die kind, veral binne die eerste drie lewensjare. Die meeste van hierdie kinders wat op 'n later ouderdom vir aanneming beskikbaar gestel word, bring etlike maande tot selfs jare in kinder- en jeugsorgsentrums (kinderhuise) deur. Indien daar dus nie aan die primêre behoeftes van die klein kind voorsien word nie, kan 'n geborge gehegtheid en vertrouwe nie ontwikkel nie. Gehegtheid wat in die vroeë kinderjare ervaar word, bepaal alle toekomstige verhoudinge regdeur die lewe van die kind. Wanneer hierdie kinders dan aangeneem word, is hulle dikwels nie in staat om geborge gehegtheid met die aanneemouers te ontwikkel nie. Die gehegtheidsteorie kan antwoorde bied wanneer die aannemingsmaatskaplike werker die aanneemouer begelei in die hantering van hierdie problematiek vanuit die gehegtheidsteorie.

Tydens hierdie vlugtige oorsig van literatuur is daar op 'n wetenskaplike wyse te werk gegaan ten einde literatuur rakende die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, na te vors. Aangesien weinig wetenskaplike literatuur tydens die seleksieproses gevind kon word, moes die soektog na grys literatuur uitgebrei word. Hierdie

verkreë literatuur is krities geanaliseer, waarna 'n sintese daarvan twee hoofemas met subemas uitgelig het. Die eerste tema handel oor opleiding, met die volgende subemas: gehegtheidsteorie, tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie, ontwikkelingsteorie, aannemingsbevoegdheid, integrasie van aannemingsbevoegdheid, die wetlike raamwerk van aanneming, nasionale en internasionale aanneming, en oueropleidingsprogram. Die tweede tema wat vanuit die sintese na vore gekom het, was aanneming en gehegtheid, met die volgende subemas: aard van aanneming, aard van gehegtheid, dienslewering aan die biologiese ouers, voorbereiding van aanneemouers, kliniese komponente van aanneming, verwikkelinge in aanneming, aanneembaarheidsbepaling en voorbereiding van die kind, voorbereiding van die voornemende aanneemouers, en voorbereiding van die kind.

Na afloop van die vlugtige oorsig van verkreë literatuur kon die navorsingsvraag bevredigend beantwoord word. Die studie het dus in sy doel geslaag ten einde komponente aan te dui, wat ingesluit behoort te word in opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder. Aanbevelings vir verdere navorsing in terme van opleidingsprogramme vir bevordering van gehegtheid in aanneming, kon gemaak word.

**Sleuteltermes:** Aanneming, aannemingsmaatskaplike werker, gehegtheid, gehegtheidsteorie, opleidingsprogram



## SUMMARY

A qualitative research approach was followed in this rapid review, followed by the basic research goal to explore existing literature to obtain an answer on the research question. The research question was: What should be the content of training programmes for social workers enhancing attachment in adoption? This question evolves from the practice but was confirmed through literature.

Adoption social workers in private practice as well as working at adoption organisations are confronted with emotional and behavioural problems of adopted children which cannot be handled by the adoptive parents. Global statistics show that almost 25% of all adoptions disrupt due to several reasons. A lack of knowledge about the attachment theory could be the explanation why social workers are not equipped to guide the adopting parents in terms of the problems regarding attachment.

Adoption is the legal arrangement where the responsibilities and rights of the biological parents of a vulnerable child is terminated and is permanently given to the adoptive parent, facilitated by the additional specialised and in-depth knowledge, skills and ability of the adoption social worker. According to research it shows that the age on which children become available for adoption, globally increases and that adoption of babies currently is the exception.

Attachment differs from the biological process of bonding, which is formed pre-birth, and is the emotional process which develops post birth due to the interaction between the primary caregivers and the child, especially in the first three years. Most of these children which became available for adoption at a later age, are staying several months up to several years in child and youth care centres (children's homes). If the primary needs of the young child are not met, a secure attachment and trust will not develop. Attachment experienced in the early childhood determines all future relationships throughout the life of the child. When these children are adopted, they are often not able to form a secure attachment with the adoptive parents. The attachment theory may provide answers when the adoption social worker guides the adoptive parent in the handling of the issues from the attachment theory.

During this rapid review of the literature, a scientific process was followed to search for literature concerning the content of training programmes for social workers enhancing attachment in adoption. Due to the fact that not much scientific literature could be found during this search process, the search was extended to grey literature. This found literature was critically analysed, where-after a synthesis enlightened two major themes with subthemes. The first theme deals with training, with the following sub-themes: attachment theory, twofold development psychotherapy,

developmental therapy, adoption competency, integration of adoption competency, the legal framework of adoption, national and intercountry adoption, and parenting programme. The second main theme originated from the synthesis, was adoption and attachment, with sub-themes of: nature of adoption, nature of attachment, service delivery to the biological parent, preparation of the adoptive parent/s, clinical components of adoption, developments in adoption, and adoption competency, adoptability and preparation of the child, preparation of the prospective adoptive parent, and preparation of the child.

After the rapid review of the found literature, the research question could be answered satisfactory. The study succeeded in the aim to show the components which should be included in the training programmes for social workers enhancing attachment in adoption. Recommendations for further research in terms of training programmes enhancing attachment in adoption, could be made.

**Key terms:** Adoption, adoption social worker, attachment, attachment theory, training programme

# INHOUDSOPGAWE

<b>DANKBETUIGINGS</b> .....	<b>I</b>
<b>VOORWOORD</b> .....	<b>III</b>
<b>OPSOMMING</b> .....	<b>V</b>
<b>SUMMARY</b> .....	<b>VII</b>
<b>AFDELING 1: UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING</b> .....	<b>1</b>
<b>1.1 Inleiding en probleemstelling</b> .....	<b>1</b>
<b>1.2 Die rasonaal vir die studie</b> .....	<b>1</b>
<b>1.3 Die navorsingsprobleem</b> .....	<b>2</b>
<b>1.4 Doel van die studie en navorsingsvrae</b> .....	<b>4</b>
<b>1.5 Navorsingsmetodologie</b> .....	<b>4</b>
1.5.1 Die uitvoering van 'n omvangsbepaling, identifisering van die navorsingsvraag, en skryf van die protokol.....	6
1.5.2 Soeke na die literatuur.....	7
1.5.3 Keuring van titels en abstrakte van dokumente.....	9
1.5.4 Verkryging van dokumente .....	9
1.5.5 Keuring van volledige teks dokumente .....	10
1.5.6 Gehalteversekering .....	10
1.5.7 Analise en sintese .....	11
1.5.8 Redigering en skryf van die navorsingsverslag.....	11
<b>1.6 Beperkinge van die studie</b> .....	<b>12</b>
<b>1.7 Voorlopige afdelingindeling</b> .....	<b>12</b>

<b>1.8</b>	<b>Bronnelys.....</b>	<b>13</b>
	<b>AFDELING 2: LITERATUUROORSIG.....</b>	<b>22</b>
<b>2.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>22</b>
<b>2.2</b>	<b>Begripsomskrywing .....</b>	<b>22</b>
2.2.1	Opleidingsprogram .....	22
2.2.2	Maatskaplike werk .....	22
2.2.3	Maatskaplike werker .....	23
2.2.4	Aannemingsmaatskaplike werker .....	23
2.2.5	Aanneming .....	23
2.2.6	Binding en gehegtheid .....	24
2.2.7	Opleiding van die maatskaplike werker.....	24
<b>2.3</b>	<b>Opleiding van die maatskaplike werker in aannemingsbevoegdheid.....</b>	<b>25</b>
<b>2.4</b>	<b>Die inhoud van opleidingsprogramme vir die maatskaplike werker in aanneming .....</b>	<b>26</b>
2.4.1	Die biologiese ouer.....	27
2.4.1.1	Insig in die krisisswangerskap .....	27
2.4.1.2	Berading met betrekking tot alternatiewe in plasing .....	28
2.4.1.3	Wetlike prosesse.....	28
2.4.1.4	Nasorg.....	28
2.4.2	Die kind .....	28
2.4.3	Die aanneemouer .....	29
2.4.3.1	Werwing en oriëntering.....	30
2.4.3.2	Keuring.....	30

2.4.3.3	Opleiding .....	31
2.4.3.4	Plasing .....	31
2.4.3.5	Nasorg.....	31
<b>2.5</b>	<b>Fokus op gehegtheid in die opleidingsprogram binne die spesialiteitsveld van aanneming in maatskaplike werk.....</b>	<b>32</b>
2.5.1	Die ontstaan van die gehegtheidsteorie.....	32
2.5.2	Opleiding in gehegtheid .....	33
2.5.3	Fases van gehegtheid .....	33
2.5.4	Kontinuum van gehegtheid .....	34
2.5.5	Die impak van kindersorg op die ontwikkeling van gehegtheid .....	35
2.5.6	Die impak van aanneming op gehegtheid.....	36
2.5.7	Gehegtheidsbreke .....	36
2.5.8	Behoeftes aan meer kennis ten opsigte van gehegtheid in aanneming .....	37
<b>2.6</b>	<b>Samevatting .....</b>	<b>38</b>
<b>2.7</b>	<b>Bronnelys.....</b>	<b>39</b>
<b>AFDELING 3: NAVORSINGSARTIKEL .....</b>		<b>46</b>
<b>ABSTRACT.....</b>		<b>46</b>
<b>INLEIDING.....</b>		<b>46</b>
<b>PROBLEEMSTELLING.....</b>		<b>46</b>
<b>NAVORSINGSVRAAG.....</b>		<b>46</b>
<b>NAVORSINGSBENADERING.....</b>		<b>47</b>
<b>NAVORSINGSMETODE: 'n VLUGTIGE OORSIG.....</b>		<b>47</b>
<b>LITERATUURORSIG VIR DIE STUDIE.....</b>		<b>48</b>

SOEKE NA EN SELEKSIE VAN DOKUMENTE.....	49
DATA-ONTTREKKING.....	52
KRITIESE ASSESSERING VAN INGESLOTE DOKUMENTE.....	52
SINTESE VAN DIE DATA.....	53
BEVINDINGE.....	53
Tema 1: Opleiding.....	54
<i>Subtema 1.1: Gehegtheidsteorie.....</i>	<i>54</i>
<i>Subtema 1.2: Tweevoudige Ontwikkelingspsigoterapie.....</i>	<i>54</i>
<i>Subtema 1.3: Ontwikkelingsteorie.....</i>	<i>55</i>
<i>Subtema 1.4: Aannemingsbevoegdheid.....</i>	<i>55</i>
<i>Subtema 1.5: Integrasie van aannemingsbevoegdheid.....</i>	<i>56</i>
<i>Subtema 1.6: Die wetlike raamwerk van aanneming.....</i>	<i>56</i>
<i>Subtema 1.7: Nasionale en internasionale aanneming.....</i>	<i>57</i>
<i>Subtema 1.8: Oueropleidingsprogram.....</i>	<i>57</i>
Tema 2: Aanneming en gehegtheid.....	58
<i>Subtema 2.1: Aard van aanneming.....</i>	<i>58</i>
<i>Subtema 2.2: Aard van gehegtheid.....</i>	<i>58</i>
<i>Subtema 2.3: Dienslewering aan die biologiese ouers.....</i>	<i>59</i>
<i>Subtema 2.4: Voorbereiding van aanneemouer/s.....</i>	<i>59</i>
<i>Subtema 2.5: Kliniese komponente van aanneeming.....</i>	<i>59</i>
Vooroordele ten opsigte van ras en kulturele tradisies.....	59
Impak van trauma.....	60
Persone met lesbiese, gay, biseksuele, en transgender oriëntasie.....	60

<i>Infertiliteit</i> .....	60
<i>Mites ten opsigte van aanneming</i> .....	60
<i>Subtema 2.6: Verwikkelinge in aanneming</i> .....	61
<i>Subtema 2.7: Anneembaarheidsbepaling en voorbereiding van die kind</i> .....	61
<i>Subtema 2.8: Voorbereiding van die voornemende aanneemouer</i> .....	61
<i>Subtema 2.9: Voorbereiding van die kind</i> .....	62
<b>BESPREKING</b> .....	62
<b>AANBEVELINGS</b> .....	63
<b>GEVOLGTREKKING</b> .....	64
<b>BRONNELYS</b> .....	65
<b>AFDELING 4: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, EN AANBEVELINGS</b> .....	71
<b>4.1 Inleiding</b> .....	71
4.1.1 Evaluering van die navorsing.....	71
4.1.1.1 Navorsingsvraag.....	71
Tema 1: Opleiding .....	71
Tema 2: Aanneming en gehegtheid .....	72
4.1.2 Bydrae deur die studie.....	72
<b>4.2 Beperkings</b> .....	73
<b>4.3 Aanbevelings</b> .....	73
<b>4.4 Gevolgtrekking</b> .....	74
<b>GEKOMBINEERDE BRONNELYS</b> .....	75
<b>BYLAE 1: GESELEKTEERDE BRONNE VIR DIE VLUGTIGE OORSIG</b> .....	89

<b>BYLAE 2:</b>	<b>OPLEIDINGSPROGRAMME VIR MAATSKAPLIKE WERKERS: TEMAS ...</b>	<b>91</b>
<b>BYLAE 3:</b>	<b>VERKLARING VAN TAALVERSORGING .....</b>	<b>108</b>
<b>BYLAE 4:</b>	<b>BEWYS VAN BYWONING VAN ETIESE KURSUS .....</b>	<b>109</b>



## LYS VAN TABELLE

Tabel 1-1:	SPIDER-raamwerk.....	7
Tabel 1-2:	Werkkaart vir gehalteversekering vir insluiting van dokumente vir die studie	10
Tabel 2-1:	Kontinuum van gehegtheid.....	35
Tabel 1-1:	SPIDER-raamwerk.....	47
Tabel 2-1:	Werkkaart vir gehalteversekering vir insluiting van dokumente.....	52

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1-1:	PRISMA-vloediagram vir seleksie van bronne vir die studie .....	9
Figuur 2-1:	Die aannemingsdrietal .....	26
Figuur 2-2:	Die aannemingsproses van die biologiese ouer .....	27
Figuur 2-3:	Dienslewering aan die aanneemouer .....	30
Figuur 2-4:	Die ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid binne die eerste lewensjaar .....	34
Figuur 2-5:	Die gevolge van gehegtheidsbreke .....	37
Figuur 1-1:	Bespreking van die aanwending van die PRISMA-vloediagram vir seleksie van dokumente.....	51
Figuur 1-2:	Die kernaspekte van die Gehegtheidsteorie.....	58

# **AFDELING 1: UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING**

## **1.1 Inleiding en probleemstelling**

Die afwesigheid van 'n geborge gehegtheid (secure attachment) en gepaardgaande gedragsprobleme kan moontlik as 'n oorsaak aangedui word wat tot mislukte aannemingsaanleiding kan gee (Kerr & Cossar, 2014:427; The Evan B. Donaldson Adoption Institute, 2004:16). Volgens Festinger (2005:463), Lancaster *et al.* (2017:419), Siegel (2010) en Wiley (2017:992) is daar 'n gebrek aan kennis van gehegtheid by maatskaplike werkers en kan dit daartoe lei dat dit vir hulle moeilik is om die aanneemouers te begelei in terme van gehegtheidsproblematiek.

## **1.2 Die rasionaal vir die studie**

Vanweë 'n gebrek aan kennis van gehegtheid, bevind verskeie skrywers (Festinger, 2005:463; Lancaster *et al.*, 2017:419; Siegel, 2013; Walker, 2008:56) dat maatskaplike werkers nie in staat is om die aanneemouer te begelei in terme van gehegtheidsproblematiek nie. Die problematiek wat die aanneemouer by die aannemingsorganisasies aanmeld, bevestig die behoefte aan meer kennis van gehegtheid by die aannemingsmaatskaplike werker sowel as die voornemende aanneemouer (Chari, 2017; De Caires, 2017; Holtzhausen, 2017).

Indien die kind nie 'n geborge gehegtheid met die ouer as primêre versorger ontwikkel nie, kan dit 'n kwesbaarheid veroorsaak wat verder aanleiding kan gee dat die kind later op alternatiewe sorg aangewese kan wees (Potgieter, 2004). Aanneming binne 'n gesinsopset verseker die mees effektiewe en stabiele manier van permanensie in die lewe van 'n kwesbare kind (Bega, 2011; Gerrand & Nathane-Taulela, 2015:55). In die veld van aanneming, is gehegtheid een van die aspekte van emosionele ontwikkeling by die kind wat in die afgelope jare sterk na vore getree het (Bruwer, 2016). Die feit dat veral aangenome kinders hoë risiko-gevalle vir nie-geborge gehegtheid en verwante gedragsprobleme is, word deur verskeie skrywers bevestig (Fisher *et al.*, 2013; Levy & Orlans, 2014:355; Welsh *et al.*, 2007:288). Volgens Van den Dries *et al.* (2009:19) belemmer negatiewe ervarings van die aangenome kind die vestiging van 'n geborge gehegtheid met die aanneemouer.

Wanneer die kind by verskeie ouers of selfs in 'n kinder- en jeugsorgsentrum geplaas word, verhoog dit die kwesbaarheid en gepaardgaande trauma van die kind (Atwool, 2006:325; Bruwer, 2016; Carnes-Holt & Bratton, 2014:328; Hughes, 1999:542, Kerr & Cossar, 2014:427), wat verder tot gedrags- en emosionele probleme aanleiding gee en veral binne die aanneemsituasie na vore kan kom. Bruwer (2016) bevestig dat vanweë hierdie verskeie plasinge, "bonding breaks" in die

ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid plaasvind. Vir die doeleindes van hierdie studie word die term gehegtheidsbreke vir “bonding breaks” gebruik. Tydens die voorbereiding deur aannemingsorganisasies soos *Abba Specialist Adoption & Social Services* (Ferreira, 2017) sowel as *Impilo Child Protection and Adoption Services* (Krawitz, 2017), word gepoog om inligting aan die aanneemouer te verskaf van hoe ervarings van trauma en gehegtheidsbreke by die aangenome kind die vermoë tot gehegtheid met die aanneemouer nadelig kan beïnvloed (Lionetti *et al.*, 2015:136).

### 1.3 Die navorsingsprobleem

Volgens Bowlby, soos aangehaal deur Levy en Orlans (2014:58) is **binding** die biologiese, genetiese en emosionele verbinding tussen moeder en baba gedurende swangerskap en geboorte. **Gehegtheid** is die emosionele verbinding wat ná geboorte aangeleer word deur interaksie tussen die versorgers en die kind binne die eerste drie jaar (Levy & Orlans, 2014:58). Die baba ontwikkel vertroue en geborge gehegtheid deur die suksesvolle bevrediging van die basiese behoeftes en die verligting van ongemak deur die versorger (Levy & Orlans, 2014:61), wat as die positiewe interne werkingsmodel bekend staan (Levy & Orlans, 2014:34). Geborge gehegtheid, as uitvloeisel van die positiewe interne werkingsmodel, vorm die basis vir verdere ondersoek van die fisieke en maatskaplike omgewing van die kind (Wissink *et al.*, 2016:534), sowel as toekomstige gehegtheid, bindings, en verhoudinge van die kind (Levy & Orlans, 2014:99). Indien daar nie aan die kind se behoeftes voldoen word nie, ontwikkel 'n nie-geborge gehegtheid (vermydings- of ambivalente gehegtheid) of selfs 'n gedisorganiseerde gehegtheid (Schofield & Beek, 2018:38), met gepaardgaande kontinuum van negatiewe gedrag (Blakely & Dziadosz, 2015:285; Bruwer, 2016; Colonnese *et al.*, 2013:180; Levy & Orlans, 2014:149; Wissink *et al.*, 2016:534).

Volgens Atwood (2006:317) ontwikkel die brein vinnig gedurende die eerste drie jaar van die kind se bestaan deur “*establishing pathways that allow the more complex structures of the brain to come into being*”. Alhoewel kwesbare omstandighede 'n nadelige effek op die ontwikkeling van die brein het, kan die neuronbane in die brein verander wanneer die trauma van die kwesbare kind positief aangespreek word. Gunnar en Kertes (2005:47), sowel as Lancaster *et al.* (2017:412) bevestig dat die kwesbare kind in alternatiewe sorg, soos inrigtingversorging, omstandighede ervaar wat nadelig vir die fisieke, kognitiewe, en emosionele ontwikkeling is. Sloth-Nielson (2016) is besorg oor die negatiewe effek wanneer die Suid-Afrikaanse baba langer as ses maande in alternatiewe sorg, gewoonlik 'n kinder- of jeugsorgsentrum (kinderhuis), deurbring, vanweë statutêre vereistes, alvorens hul vir aanneming geplaas word. Verskeie skrywers is dit eens dat kinderhuisversorging, veral in die eerste paar kinderjare, uiters negatief

inwerk op die vorming van gehegtheid, maar ook op ander vlakke van ontwikkeling (Lionetti, 2014:573; Lionetti *et al.*, 2015:135; Torres *et al.*, 2012:25; Van IJzendoorn *et al.*, 2011:19).

Aanneming is 'n gespesialiseerde area in die veld van kindersorg en kinderbeskerming in maatskaplike werk en word deur die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005), sowel as die Wet op Maatskaplike Diensberoep 110 van 1978 (South Africa, 1978) gereguleer (Malan, 2017). Bogenoemde wette bepaal dat slegs maatskaplike werkers werksaam in privaatpraktyk of in aannemingsorganisasies aannemingsdienste mag lewer. Hulle moet ook aan spesifieke vereistes voldoen om deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geakkrediteer te word. Een van hierdie vereistes is voldoende opleiding in aanneming. Daar is tans geen Suid-Afrikaanse tersiêre instelling wat 'n diploma- of sertifikaatkursus in aanneming aanbied nie (Community development and Social Work @ Unisa – A complete guide to preparing yourself for career opportunities, 2018; Department of Social Work & Social Development – Faculty of Social Sciences & Humanities – University of the Western Cape, 2018; Discipline of Social Work – University of KZN, 2018; Faculty of Humanities (Postgraduate) – University of Cape Town, 2018; Faculty of Social Sciences & Humanities – University of Fort Hare, 2018; Faculty of the Humanities Home / Social Work Home / MSW in Social Work – University of the Free State, 2018; Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Akademiese Programme en Fakulteitsinligting – Universteit Stellenbosch, 2018; Jaarboek, Fakulteit Gesondheidswetenskappe – NWU, 2018; Master of Social Work – University of Zululand, 2018; Postgraduate Programmes – University of Johannesburg, 2018; Postgraduate studies – Walter Sisulu University, 2018; School of Social Sciences Programmes – University of Limpopo, 2018; Social Development Professions – Nelson Mandela University, 2018; University of Pretoria Yearbook, 2018; University of the Witwatersrand – Social Work, 2018).

Die Noordwes Universiteit, te Potchefstroom, bied wel 'n meestersgraad in Kinderbeskerming aan, met aanneming as een van die velde van alternatiewe sorg (Malan, 2017). Alhoewel aandag oorsigtelik aan opleiding in gehegtheid vir maatskaplike werkers in aannemingsorganisasies verleen word (Chari, 2017; Ferreira, 2017; Krawitz, 2017), word die maatskaplike werkers in privaatpraktyk nie daaraan blootgestel nie (Holtzhausen, 2017).

Die gehegtheidsteorie bied 'n raamwerk van teorie en navorsing oor denkpatrone, gedrag, en verhoudinge binne die uniekheid van elke mens (Fallowfield, 2009). Gehegtheid wat in die vroeë kinderjare ervaar word, bepaal alle toekomstige verhoudinge positief of negatief en word na volgende generasies oorgedra (Levy & Orlans, 2014:99), dit beïnvloed ook aanneming. Globale navorsing toon egter dat weinige opleiding in die gehegtheidsteorie op voorgraadse vlak gebied word (Botes & Ryke, 2011:47; Carnes-Holt & Bratton, 2014:331; Lancaster *et al.*, 2017:421; Lesch *et al.*, 2013:1108; Siegel, 2013; Walker, 2008:15; Wilkins 2012:15). Die maatskaplike werker moet

self inisiatief aan die dag lê ten einde hulself met hierdie kennis te bemagtig. Verder bevind Combrink (2008:94) in haar navorsing dat bemagtiging van substituutouers met kennis van gehegtheid tot verbeterde funksionering van die kind bydra, en beveel verdere navorsing in hierdie opsig aan. Harris (2012:101), sowel as Henwood (2016:78), bevestig hierdie behoefte, wanneer hulle onderskeidelik in hulle navorsing bevind dat ouers 'n baie beperkte kennis ten opsigte van die gehegtheidsbehoefte van hul aangenome kinders toon, en dus nie voldoende deur die aannemingsmaatskaplike werker daarop voorbereid is nie. Botes en Ryke (2011:48) bevind dat hul navorsing 'n bewustheid by welsynsorganisasies skep ten einde hul personeel beter toe te rus met teoretiese kennis rakende gehegtheid. Dit wil dus voorkom asof onvoldoende aandag aan die fenomeen van gehegtheid in opleidingsprogramme vir die aannemingsmaatskaplike werker verleen word en hul daarom nie toegerus is om die aanneemouer na wense te ondersteun wanneer gehegtheidsproblematiek begin voorkom by die aangenome kind nie.

#### **1.4 Doel van die studie en navorsingsvrae**

Die doel van die studie is om deur middel van 'n vlugtige oorsig die inhoud van opleidingsprogramme na te vors vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder. Indien die aannemingsmaatskaplike werker oor voldoende kennis rakende gehegtheid beskik, mag die nodige bevoegdheid bestaan om die voornemende aanneemouer voldoende voor te berei, gehegtheidsproblematiek vroegtydig te kan identifiseer (Wilkens, 2012:15), en voorkomend op te tree, ten einde 'n positiewe impak op die kind se gedrag, verhoudings, en emosionele funksionering te hê (Kerr & Cossar, 2014:433). Volgens Hartel en Bosman (2016:30) bepaal kwalitatiewe studies die bepaling van 'n navorsingsvraag en nie die stel van doelwitte of 'n hipotese nie. "Die navorsingsvrae behels 'n sentrale vraag en 'n aantal subvrae" (Hartel & Bosman, 2016:30). Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende navorsingsvraag gestel:

Wat behoort die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers te wees om gehegtheid in aanneming te bevorder?

#### **1.5 Navorsingsmetodologie**

Rubin en Babbie (2016:46), sowel as Hartel en Bosman (2016:33) is die mening toegedaan dat daar drie tipes navorsingsbenaderings bestaan naamlik, kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings, maar ook derdens 'n gemengde-metode-benadering, waar laasgenoemde die noodsaaklikheid van kombinerings van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes binne dieselfde studies beklemtoon asook 'n raamwerk vir verskeie wyses van kombinasies insluit (Rubin & Babbie, 2016:46). In hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering gevolg. Volgens Ericson (soos aangehaal deur Dreyer, 2016:231) is data in kwalitatiewe navorsing in "die vorm van

woorde uit transkripsies, beskrywing van waarnemings, en dokumente” (Dreyer, 2016:231). Dreyer (2016:232) bepaal dat dokumente op ’n sistematiese wyse geanaliseer en gekodeer kan word ten einde temas en kategorieë te bepaal. Navorsing kan die vorm van ’n primêre studie (byvoorbeeld ’n deursnee-opname) of ’n sekondêre studie (byvoorbeeld ’n sistematiese oorsig) aanneem (Dickson *et al.*, 2014:4).

’n Sistematiese oorsig van bestaande literatuur word reeds sedert die vroeë 1990s as ’n wettige navorsingsmetodologie gereken, aldus Dickson *et al.* (2014:4). Volgens Hartell en Bosman (2016:35) word die navorsingsmetodologie gereken as die beskrywing van die werkswyse van die navorser, ten einde ’n antwoord op die navorsingsvraag in die navorsingsverslag te voorsien. Die verband tussen die navorsingsvraag en die -antwoord moet deurentyd in gedagte gehou word deur die duidelike aanduiding van die stappe wat in die navorsingsproses gevolg is.

Dickson *et al.* (2014:3) plaas die klem op bewysgebaseerde antwoorde op die aanvanklike navorsingsvraag wanneer hulle ’n sistematiese oorsig definieer as “a literature review that is designed to *locate, appraise, and synthesize* the best available evidence relating to a specific research question to provide *informative and evidence-based answers*” (Dickson *et al.*, 2014:3). Ten einde by ’n bewysgebaseerde antwoord uit te kom, moet ’n wetenskaplike proses gevolg word. MRes en Kleijnen (soos aangehaal deur Klinck, 2016:6), sowel as Tricco *et al.* (2015:224) verwys na die behoefte vir riglyne ten einde ’n spoedige, effektiewe, bevoegde, en bevredigende antwoord op ’n navorsingsvraag in die gesondheidswetenskappe te kan gee. Hierdie behoefte word deur Langlois *et al.* (2017:3) bevestig wanneer hulle konstateer dat “timely reviews are of the utmost importance” in die gesondheidswetenskappe. Die sistematiese oorsig van literatuur is egter ’n lang proses, terwyl meer spoedige antwoorde verlang word.

’n Vlugtige oorsig, as ’n variasie van ’n sistematiese oorsig (Health Evaluation and Applied Research Development – HEARD, 2018; Virginia Commonwealth University, 2018), bied die geleentheid tot spoediger antwoorde wanneer tydsbeperkings en -oorwegings in vooroordeel teen mekaar opgeweeg word (Virginia Commonwealth University, 2018). “Rapid reviews have been described as falling ‘within the family’ of systematic reviews”, aangesien die metodologie van so aard is dat dit ’n deursigtige, wetenskaplike metode bied wat steeds gedetailleerd is en dat die herhaalbaarheid deur ander vooraf voorsien kan word (Langlois *et al.*, 2017:5). Verskillende standpunte bestaan vir die verskil in tydsduur van ’n sistematiese oorsig en vlugtige oorsig. Waar die uitvoering van ’n sistematiese oorsig tussen ses en 36 maande kan duur, kan ’n vlugtige oorsig, volgens Ciapponi (2017), binne drie maande uitgevoer word, terwyl Virginia Commonwealth University (2018) konstateer dat die uitvoering van ’n sistematiese oorsig ten minste een jaar duur, terwyl ’n vlugtige oorsig binne een tot ses maande suksesvol uitgevoer kan word. Khangura *et al.* (2012:3), sowel as Virginia Commonwealth University (2018) bied ’n baie duidelike uiteensetting

van die verskille in terme van tydsraamwerk, bronne, soektogte, en sintese tussen 'n vlugtige en sistematiese oorsig.

Verskeie skrywers is die mening toegedaan dat daar tans nog nie 'n formele definisie vir 'n vlugtige oorsig bestaan nie (Crisp, 2015:284; Polisená *et al.*, 2015; Tricco *et al.*, 2015), maar volgens Tricco *et al.* (2015) gebruik skrywers hoofsaaklik die definisie van Khangura *et al.* (2012): "Rapid reviews are a form of knowledge synthesis in which components of the systematic review process are simplified or omitted to produce information in a timely manner". In hierdie definisie word die verkorte proses in die uitvoer van die vlugtige oorsig positief aangedui, gemeet teen die langer proses van uitvoering van die sistematiese oorsig. Langlois *et al.* (2017:5) toon verder aan dat 'n vlugtige oorsig 'n bruikbare benadering is ten einde relevante bewyse in 'n kort tydsbestek en op 'n koste-effektiewe wyse te voorsien. "They synthesize findings and assess the validity of research evidence using 'abbreviated' systematic review methods, modifying these methods to generate evidence in a short time" (Langlois *et al.*, 2017:6).

Vir die doeleindes van hierdie studie op Magistervlak was 'n vlugtige oorsig die mees aangewese metode ten einde 'n spoedige antwoord op die navorsingsvraag te voorsien. Tydens hierdie vlugtige oorsig van die literatuur is die stappe vir 'n sistematiese oorsig gevolg (Dickson *et al.*, 2014:10-11; King, 2017; King *et al.*, 2017:24-25; Meinck & Spreckelsen, 2018; Okoli & Schabram, 2010:7; Pilkington & Hockenfull, 2014:186; Uman, 2011:57-59; Virginia Commonwealth University, 2018).

### **1.5.1 Die uitvoering van 'n omvangsbepaling, identifisering van die navorsingsvraag, en skryf van die protokol**

Die omvangsbepaling of voorlopige literatuuoroorsig toon aan of daar 'n behoefte aan die vlugtige oorsig bestaan. Verder kan dit ook aanduidend wees of sodanige studies reeds onderneem is. In hierdie studie is 'n omvangsbepaling na die onderwerp van die voorgenome studie gedoen ten einde te bepaal of daar studies oor die onderwerp bestaan (King *et al.*, 2017:24). Verskeie bronne, soos wetenskaplike bronne, grys literatuur, en kenners op die terrein van aanneming, gehegtheid en opleiding, is verder geraadpleeg ten einde te bepaal of daar 'n behoefte aan die voorgenome studie bestaan, alvorens daarmee 'n aanvang geneem is. Uit hierdie omvangsbepaling het dit geblyk dat só 'n studie nog nie onderneem is nie, en dat die behoefte bestaan om 'n studie rakende die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, te doen.

Die omvangsbepaling dra verder by tot die definiëring en verfyning van die navorsingsvraag (Dickson *et al.*, 2014:10). 'n Duidelik gedefinieerde navorsingsvraag vorm die essensiële basis vir



'n goeie sistematiese of vlugtige oorsig, terwyl 'n vae vraag tot vae navorsing aanleiding gee, aldus Meinck en Spreckelsen (2018). Die SPIDER-raamwerk (Meinck & Spreckelsen, 2018) soos in Tabel 1.2 uiteengesit, is aangewend om die navorsingsvraag te verfyn, waar die voorlopige navorsingsvraag aan die onderskeie aspekte gemeet is.

Die navorsingsvraag is tot die volgende verfyn: Wat behoort die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers te wees om gehegtheid in aanneming te bevorder?

**Tabel 1-1: SPIDER-raamwerk**

<b>S</b>	<b>Sample – the population of interest</b> (Die populasie van belang)	Aannemingsmaatskaplike werkers
<b>PI</b>	<b>Phenomenon of interest</b> (Fenomeen van belangstelling of ondersoekverskynsel)	Inhoud van opleidingsprogramme, aannemingsmaatskaplike werkers, gehegtheid, aanneming
<b>D</b>	<b>Design – study design</b> (Navorsingsontwerp)	Vlugtige oorsig van literatuur
<b>E</b>	<b>Evaluation – outcomes</b> (Evaluering – uitkomstes)	Narratiewe sintese van verkreeë data
<b>R</b>	<b>Research type – qualitative, quantitative/mixed-methods</b> (Tipe navorsing – kwalitatief, kwantitatief/gemengde-metode-benadering)	Kwalitatiewe navorsing

Pilkington en Hockenull (2014:186) bevestig Dickson *et al.* (2014:10) se definisie dat 'n protokol, as 'n geskrewe plan of kaart van die reis, die navorser in staat stel om die benadering te bepaal ten einde die navorsingsvraag te kan beantwoord. 'n Geskrewe en gedetailleerde protokol is opgestel wat die konsekwentheid van data wat verkry is, kon verseker (Okoli & Schabram, 2010). Aangesien 'n vlugtige oorsig slegs deur een navorser/ontleder onderneem word (Tricco *et al.*, 2015), was dit nie nodig om ander ontleders volgens die protokol op te lei nie (Okoli & Schabram, 2010). Meinck en Spreckelsen (2018) bevestig hierdie standpunt, terwyl registrasie vir 'n vlugtige oorsig nie nodig is nie.

### 1.5.2 Soeke na die literatuur

Dokumente (gepubliseer en ongepubliseer) wat die navorsingsvraag aanspreek, word geïdentifiseer deur die gebruikmaking van verskeie relevante, bibliografiese, en elektroniese databasisse, sowel as ander bronne, soos handsoektogte (Dickson *et al.*, 2014:10), skripsies, tesse en verhandelings, asook opleidingsmateriaal en konferensieverrigtinge van professionele


verenigings en organisasies (Virginia Commonwealth University, 2018). In die lig van die tydsraamwerk van hierdie studie (King *et al.*, 2017:24) is die volgende insluitingskriteria toegepas: wetenskaplike soekenjins waartoe die Noordwes Universiteit toegang het, nasionale en internasionale konferensie-artikels, nasionale en internasionale webblaaie, grys literatuur, ander soekenjins soos Google en Google Scholar, soos deur Meinck en Spreckelsen (2018) aanbeveel. Die volgende uitsluitingskriteria is toegepas: alle bronne in ander tale as Afrikaans en Engels, aangesien die navorser nie ander tale magtig is nie. Verder is bronne wat voor 2000 dateer nie ingesluit nie, ten einde die mees onlangse bronne in die uitvoering van die vlugtige oorsig te benut. Bronne wat wel die fenomeen van gehegtheid in aanneming aanspreek, maar nie die opleiding van die maatskaplike werker nie, is ook uitgesluit.

Die strategie vir die soeke na literatuur is aan die hand van die volgende kernwoorde bepaal:

aanneming OR adoption AND gehegtheid\* AND attachment\* AND “adoption social worker” AND opleidingsprogram\* OR “adoption training” OR “adoption training program\*” OR “training of social worker\*” AND “attachment training” OR “attachment training program\*”

Aangesien te veel irrelevante dokumente in die soektog ten opsigte van opleidingsprogram\* verkry is, is die aanbeveling van Meinck en Spreckelsen (2018) gevolg. Dit wil sê dat soekstrategieë aangepas kan word, sodat nuwe bronne ook oorweeg behoort te word. Dus is die kernwoord “opleidingsprogram\*” in die soektog na literatuur geskrap.

Die PRISMA-vloeiagram (Moher *et al.*, 2010) is as riglyn aangewend vir die rekordhouding van die proses van keuring van die dokumente vir insluiting in die vlugtige oorsig, soos in Figuur 1.1 gereflekteer.



**Figuur 1-1: PRISMA-vloediagram vir seleksie van bronne vir die studie**

### 1.5.3 Keuring van titels en abstrakte van dokumente

Die verkreeë dokumente word nou gekeur deur die titels en abstrakte te lees en te bepaal of dit relevant tot die navorsingsvraag is. Moontlik relevante dokumente word behou (Dickson *et al.*, 2014:10) nadat duplikaatdokumente uitgesluit is (Meinck & Spreckelsen, 2018). Noukeurige rekordhouding van hierdie prosesse is noodsaaklik vir latere verslagdoening, soos die dag, maand en jaar van soeke, databasisse deursoek, aanpassings in kernwoorde vir soektogte aangebring, enige addisionele beperkings in databasisse, sowel as die aantal trefslae vir elke soektog, sodat deursigtigheid bestaan en die studie later herhaal kan word (Meinck & Spreckelsen, 2018). Indien die titel of abstrak nie die spesifieke tema van die voorgenome studie aanspreek nie, is dit uitgesluit.

### 1.5.4 Verkryging van dokumente

Volledige tekste van al die moontlik relevante dokumente wat in die vorige stap geïdentifiseer is, is nou verkry (Dickson *et al.*, 2014:11). Soms moes verskeie soekenjins gebruik word om volledige tekste van wetenskaplike artikels te verkry, aangesien die Noordwes Universiteit of die navorser nie noodwendig oor toegang tot hierdie artikels beskik nie. Duplikate is uitgeskakel en 'n nuwe artikel is ingesluit.

### 1.5.5 Keuring van volledige teks dokumente

Volledige teks dokumente is deurgelees en dié wat nie aan die insluitingskriteria voldoen nie, is volgens Dickson *et al.* (2014:11), sowel as Pilkington en Hockenhull (2014:186), genadeloos uitgesluit, ten einde slegs dié dokumente te behou wat die sleutelinligting bevat wat benodig is. Volgens Okoli en Schabram (2010) moet die navorser duidelik en gemotiveerd aandui watter data ingesluit en watter uitgesluit is. Die volledige rekordhouding hiervan realiseer. Al nege die bronne wat gebruik is, fokus op opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers in aanneming en/of gehegtheid.

### 1.5.6 Gehalteversekering

Die gehalte en kwaliteit van data speel 'n kardinale rol, aangesien dit die uitkoms van die studie kan bepaal. Kritiese evalueringswerkkaarte (instrumente) word met groot vrug in die kwaliteitsassessering aangewend, veral wanneer 'n kleiner aantal studies nagevors word (Virginia Commonwealth University, 2018). Die vraelys, soos deur Young en Solomon (2009:83) voorgestel, is vir hierdie studie vertaal en aangewend vir wetenskaplike artikels, maar aangesien 'n voldoende hoeveelheid wetenskaplike artikels nie verkry kon word nie, is van grys literatuur ten opsigte van die onderwerp gebruik gemaak (sien Tabel 1.3). Indien die verkreë data nie van hoogstaande gehalte is nie, affekteer dit die resultaat van die studie. Verder verhoog die aanwending van eweknie-hersiene artikels die gehalte van die studie, soos in hierdie studie toegepas in die insluitingskriteria.

**Tabel 1-2: Werkkaart vir gehalteversekering vir insluiting van dokumente vir die studie**

	<b>Wetenskaplike artikels</b>	<b>Grys literatuur</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Onduidelik</b>	<b>Nie van toepassing nie</b>
<b>1</b>	Is die navorsingsvraag relevant?	Is die onderwerp relevant?				
<b>2</b>	Watter tipe navorsingsvraag is gevra?	Watter tipe onderwerp is gedek?				
<b>3</b>	Voeg die navorsing enige nuwe inligting by?	Voeg die bron enige nuwe inligting by?				
<b>4</b>	Was die navorsingsontwerp toepaslik vir die navorsingsvraag?	Was die inhoud van die dokument toepaslik vir die titel?				
<b>5</b>	Het die navorsingsmetode die	Het die inhoud van die dokument die mees				

	<b>Wetenskaplike artikels</b>	<b>Grys literatuur</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Onduidelik</b>	<b>Nie van toepassing nie</b>
	mees relevante bronne van vooroordeel aangespreek?	relevante bronne van vooroordeel aangespreek?				
<b>6</b>	Is die navorsing volgens die oorspronlike protokol uitgevoer?	Is die inhoud van die dokument volgens die oorspronlike doelwit bespreek?				
<b>7</b>	Verklaar die navorsing 'n vooropgestelde hipotese?	Verklaar die navorsing 'n vooropgestelde hipotese?				
<b>8</b>	Is die statistiese analise korrek uitgevoer?	Is daar verwys in die bron na enige statistiese analise?				
<b>9</b>	Regverdig die gevolgtrekkings die verkreë data?	Regverdig die gevolgtrekkings die verkreë data van die bron?				
<b>10</b>	Is enige konflik van belange genoem of aangespreek?	Is enige konflik van belange genoem of aangespreek?				
<b>11</b>	Dek die inhoud van die artikel die navorsingsvraag van hierdie vlugtige oorsig?	Dek die inhoud van die bron die navorsingsvraag van hierdie vlugtige oorsig?				

### **1.5.7 Analise en sintese**

Toepaslike tegnieke word benut ten einde feite vanuit die verkreë data te onttrek (Okoli & Schabram, 2010). 'n Narratiewe sintese van die verkreë data vanuit die dokumente word uitgevoer (Virginia Commonwealth University, 2018). Na afloop van die analise is die professionele dienste van 'n spesialis op die veld van navorsing weereens gebruik ten einde die kwaliteit van die analise en sintese van die verwerkte data te verseker.

### **1.5.8 Redigering en skryf van die navorsingsverslag**

Die proses wat in die vlugtige oorsig gevolg is, sowel as die interpretasie van die resultate, word op 'n interessante wyse vir die teikengehoor aangebied. Verder word die resultate op só 'n wyse aangebied dat die studie onafhanklik deur ander navorsers herhaal kan word (Okoli & Schabram, 2010). Volgens Virginia Commonwealth University (2018) moet die verslag minstens die volgende bevat: die navorsingsprobleem, rasionaal vir die studie, die implikasie van die aangewese

metode, sowel as die moontlike beperkinge en vooroordele wat tydens die studie mag ontstaan het.

## **1.6 Beperkinge van die studie**

Die volgende beperkinge is in die vlugtige oorsig van literatuur geïdentifiseer:

Geen relevante bronne kon in Afrikaans gevind word nie. Aangesien ander tale, buiten Engels, uitgesluit is, bestaan die moontlikheid dat relevante bronne nie geïdentifiseer en in hierdie studie gebruik kon word nie.

Verskeie internasionale universiteite en organisasies bied opleiding in “adoption competency” aan, maar die inhoud van die opleidingsprogramme is nie beskikbaar alvorens nie vir sodanige kursus ingeskryf word nie. Alhoewel e-posse aan sodanige inrigtings gestuur is, met die versoek tot insae in die raamwerk van kursusse, kon relevante terugvoer nie verkry word nie.

## **1.7 Voorlopige afdelingindeling**

Afdeling 1      Uiteensetting van die navorsing

Afdeling 2      Literatuuoroorsig

Afdeling 3      Artikel

Afdeling 4      Samevatting, gevolgtrekkings, en aanbevelings

Gekombineerde Bronnelys

Bylaes

## 1.8 Bronnelys

Atwool, N. 2006. Attachment and resilience: Implications for children in care. *Child Care in Practice*, 12(4):315-330. <https://eds-b-ebSCOhost-com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=c35fe0ad-5cb3-4d97-92f8-aab286c7fff4%40sessionmgr102> Date of access: 1 Mrt. 2017.

Bega, S. 2011. Children in need of a “forever family.” *Cape Times*, 29 May. <https://www.iol.co.za/news/children-in-need-of-a-forever-family-1075276> Date of access: 13 Aug. 2017.

Blakely, T.J. & Dziadosz, G.M. 2015. Application of attachment theory in clinical social work. *Health & Social Work*, 40(4):283-289. <https://academic.oup.com/hsw/article-lookup/doi/10.1093/hsw/hlv059> Date of access: 8 Aug. 2017.

Botes, W. & Ryke, E.H. 2011. The competency base of social workers with regard to attachment theory in foster care supervision: A pilot study. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 47(1):31–50. <http://dx.doi.org/10.15270/47-1-141> Date of access: 2 Okt. 2017.

Bruwer, E. 2016. Understanding attachment in adoption. The changing face of adoption, the bi-annual conference of NACSA. <http://www.adoptioncoalitionsa.org/wp-content/uploads/2016/11/Esna-Bruwer.pdf> Date of access: 1 March 2017. [PowerPoint presentation].

Carnes-Holt, K. & Bratton, S.C. 2014. The efficacy of child parent relationship therapy for adopted children with attachment disruptions. *Journal of Counseling and Development*, 92(3):328-337. <http://doi.wiley.com/10.1002/j.1556-6676.2014.00160.x> Date of access: 1 Okt. 2017.

Chari, P.B. 2017. Children's Court procedures and adoption. [personal interview]. 3 Oct., Vereeniging.

Ciapponi, A. 2017. HTA rapid reviews: Rapid reviews from the ground up. \*GESI webinar\*. [September 2017]. [http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable\\_resources/English/images/GESI%20Webinar%20-%20Rapid%20Reviews%20Agustin%20Ciapponi.pdf](http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable_resources/English/images/GESI%20Webinar%20-%20Rapid%20Reviews%20Agustin%20Ciapponi.pdf) Date of access: 8 Feb. 2018. [PowerPoint presentation].

Colonnese, C., Wissink, I.B., Noom, M.J., Asscher, J.J., Hoeve, M., Stams, G.J.J.M., Polderman, N., & Kellaert-Knol, M.G. 2013. Basic trust: An attachment-oriented intervention based on mind-mindedness in adoptive families. *Journal of Clinical Child & Adolescent Psychology*, 23(2):179-188.

[https://www.researchgate.net/publication/51460396\\_The\\_Relation\\_Between\\_Insecure\\_Attachment\\_and\\_Child\\_Anxiety\\_A\\_Meta-Analytic\\_Review](https://www.researchgate.net/publication/51460396_The_Relation_Between_Insecure_Attachment_and_Child_Anxiety_A_Meta-Analytic_Review) Date of access: 1 Mrt. 2017.

Combrink, A.G. 2008. Geborge binding van kinders in substituuersorg: Die voorbereiding van substituuers. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Skripsie – MA).

Community development and Social Work @ Unisa – A complete guide to preparing yourself for career opportunities. 2018.

[https://www.unisa.ac.za/static/corporate\\_web/Content/About/Service%20departments/DCCD/Documents/career\\_community\\_socialwork\\_unisa.pdf](https://www.unisa.ac.za/static/corporate_web/Content/About/Service%20departments/DCCD/Documents/career_community_socialwork_unisa.pdf) Date of access: 27 June 2018.

Crisp, B.R. 2015. Systematic reviews: A social work perspective. *Australian Social Work*, 68(3):284-295. <http://dx.doi.org/10.1080/0312407X.2015.1024266> Date of access: 22 Mei 2017.

De Caires, N. 2017. Kinderhofprosedures en aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt. 2017.

Department of Social Work & Social Development – Faculty of Social Sciences & Humanities – University of the Western Cape. 2018. <http://www.ufh.ac.za/faculties/social-sciences/departments/social-work-%26-social-development> Date of access: 27 June 2018.

Dickson, R., Cherry, M.G. & Boland, A. 2014. Carrying out a systematic review as a master's thesis. (In Boland, A., Cherry, M.G. & Dickson, R. ed. *Doing a Systematic Review: A Student's Guide*. London: Sage. p. 1-16).

Discipline of Social Work – University of KZN. 2018. <https://socialwork.ukzn.ac.za/postgrad-information/> Date of access: 27 June 2018.

Dreyer, J. 2016. Dokumentnavorsing. (In Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. eds. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik. p. 231-241).

Faculty of Humanities (Postgraduate) – University of Cape Town. 2018.

[http://www.humanities.uct.ac.za/sites/default/files/image\\_tool/images/2/2018\\_HUM\\_PG\\_Handbook.pdf](http://www.humanities.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/2/2018_HUM_PG_Handbook.pdf) Date of access: 27 June 2018.



Faculty of Social Sciences & Humanities – University of Fort Hare. 2018.

<http://www.ufh.ac.za/Faculties/Social-Sciences/Departments/Social-Work-&-Social-Development/Postgraduate> Date of access: 27 June 2018.

Faculty of the Humanities Home / Social Work Home / MSW in Social Work – University of the Free State. 2018. <https://www.ufs.ac.za/humanities/departments-and-divisions/social-work-home/prospective-students/msw-in-social-work> Date of access: 27 June 2018.

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Akademiese Programme en Fakulteitsinligting – Universteit Stellenbosch. 2018.

<http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/LettereEnSosialeWetenskappe.pdf>  
Datum van toegang: 27 Jun. 2018.

Fallowfield, J. 2009. Attachment theory and social work with “looked after” children and their families. *Goodenoughcaring Journal*, Online. <http://www.goodenoughcaring.com/the-journal/attachment-theory-and-social-work-with-looked-after-children-and-their-families/>. Date of access: 8 July 2017.

Ferreira, R. 2017. Kinderhofprosedures en aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt. 2017.

Festinger, T. 2005. Adoption disruption. (In Mallon, G.P., Hess, P.M. eds. *Child welfare for the twenty-first century: A handbook of practices, policies, and programs*. Columbia University Press: New York. p. 452-468).

<http://eds.a.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=19013c10-da25-457f-825d-2ae43d43f5aa%40sessionmgr4006> Date of access: 20 Sept. 2017.

Fisher, P.A., Mannering, A.M., Van Scoyoc, A., & Graham, A.M. 2013. A translational neuroscience perspective on the importance of reducing placement instability among foster children. *Child Welfare*, 92(5):9-36. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC4396742/>  
Date of access: 5 March 2017.

Gerrand, P.A. & Nathane-Taulela, M. 2015. Developing a culturally relevant adoption model in South Africa: The way forward. *International Social Work*, 58(1):55-62.

<http://journals.sagepub.com/doi/10.1177/0020872812461043> Date of access: 5 March 2017.

Gunnar, M.R. & Kertes, D.A. 2005. Prenatal and postnatal risks to neurobiological development in internationally adopted children. (In Brodzinsky, D. ed. *Psychological issues in adoption: research and practice*. Praeger: Westport, CT. p. 47-65).

<https://www.researchgate.net/publication/239938082> Date of access: 5 March 2017.

Harris, C. 2012. The experiences of adoptive mothers: An interpretative phenomenological analysis. East London: U.K. (Thesis – PhD).

Hartell, C. & Bosman, L. 2016. Beplanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. (In Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. eds. Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers. Pretoria: Van Schaik. p. 19-49).

Health Evaluation and Applied Research Development – HEARD. 2018. Rapid review vs. systematic review: What are the differences? <https://www.heardproject.org/news/rapid-review-vs-systematic-review-what-are-the-differences/> Date of access: 21 Nov. 2018.

Henwood, P.J. 2016. Adoption: parents' perceptions of facilitating factors and challenges in the development of their relationship with their baby. Cape Town: University of Cape Town. (Mini-dissertation – MA).

Holtzhausen, M. 2017. Kinderhofprosedures en aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt. 2017.

Hughes, D.A. 1999. Adopting children with attachment problems. *Child Welfare*, 78(5):541-560. <https://search.proquest.com/openview/fecf61dfb8598ab9cfea59dbab9ebd52/1?pq-origsite=gscholar&cbl=40853> Date of access: 1 March 2017.

Jaarboek, Fakulteit Gesondheidswetenskappe – NWU. 2018. <http://health-sciences.nwu.ac.za/af> Datum van toegang: 27 Jun. 2018.

Kerr, L. & Cossar, J. 2014. Attachment interventions with foster and adoptive parents: A systematic review. *Child Abuse Review*, 23(6):426-439. <http://doi.wiley.com/10.1002/car.2313> Date of access: 8 Aug. 2017.

Khangura, S., Konnyu, K., Cushman, R., Grimshaw, J., & Moher, D. 2012. Evidence summaries: The evolution of a rapid review approach. *Systematic Reviews*, 1(1). <http://systematicreviewsjournal.biomedcentral.com/articles/10.1186/2046-4053-1-10> Date of access: 25 Oct. 2017.

King, V.J. 2017. An introduction to performing rapid reviews. Rapid reviews from the ground up. \*GESI webinar\*. [September 2017]. [http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable\\_resources/English/images/GESI%20Webinar\\_\\_Rapid%20Reviews%20Valerie%20King.pdf](http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable_resources/English/images/GESI%20Webinar__Rapid%20Reviews%20Valerie%20King.pdf) Date of access: 8 Feb. 2018. [PowerPoint presentation].

King, V.J., Garritty, C., Stevens, A., Nussbaumer-Streit, B., Hartling, L., Harrod, C.S., Guise, J.M. & Kamel, C. 2017. Performing rapid reviews. (In Tricco, A.C., Langlois, E.V. & Straus, S.E. eds. *Rapid reviews to strengthen health policy and systems: A practical guide*. Geneva: World Health Organization. p. 21-38). <http://www.who.int/alliance-hpsr/resources/publications/rapid-review-guide/en/> Date of access: 8 Feb. 2018.

Klinck, M.M. 2016. Parental alienation in divorce cases: A rapid review. Potchefstroom: Northwest University. (Dissertation – MA).

Krawitz, S. 2017. Kinderhofprosedures en aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt. 2017.

Lancaster, C., Ovrebo, E., & Zuckerman, S. 2017. Adoption counselors' perspectives of counseling postadoptive families. *Journal of Counseling and Development*, 95(4):412-422. <http://doi.wiley.com/10.1002/jcad.12156> Date of access: 21 Sep. 2017.

Langlois, E.V. 2017. Usefulness of rapid reviews and their application to health policy: Rapid reviews to strengthen health policy and systems. \*GESI webinar\*. [31 October 2017]. [http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable\\_resources/English/GESI%20CLL%20Rapid%20reviews%20Etienne%20Langlois%20slides.pdf](http://training.cochrane.org/sites/training.cochrane.org/files/public/uploads/resources/downloadable_resources/English/GESI%20CLL%20Rapid%20reviews%20Etienne%20Langlois%20slides.pdf) Date of access: 8 Feb. 2018. [PowerPoint presentation].

Langlois, E.V., Straus, S.E., Mijumbi-Deve, R., Lewin, S., Tricco, A.C. 2017. The need for rapid reviews to inform health policy and systems. (In Tricco, A.C., Langlois, E.V. & Straus, S.E. eds. *Rapid reviews to strengthen health policy and systems: a practical guide*. Geneva: World Health Organization. p. 1-20). <http://www.who.int/alliance-hpsr/resources/publications/rapid-review-guide/en/> Date of access: 8 Febr. 2018.

Lesch, E., Deist, M., Booyesen, L., & Edwards, E. 2013. South African social workers' knowledge of attachment theory and their perceptions of attachment relationships in foster care supervision. *Children and Youth Services Review*, 35(7):1101-1109. <http://linkinghub.elsevier.com/retrieve/pii/S0190740913001485> Date of access: 2 Oct. 2017.

Levy, T.M. & Orlans, M. 2014. Attachment, trauma and healing. Understanding and treating attachment disorder in children, families and adults. 2nd ed. Jessica Kingsley Publishers: London.

Lionetti, F. 2014. What promotes secure attachment in early adoption? The protective roles of infants' temperament and adoptive parents' attachment. *Attachment and Human Development*, 16(6):573-589. <http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/14616734.2014.959028> Date of access: 1 March 2017.

- Lionetti, F., Pastore, M., & Barone, L. 2015. Attachment in institutionalized children: A review and meta-analysis. *Child Abuse and Neglect*, 42:135-145.  
<http://dx.doi.org/10.1016/j.chiabu.2015.02.013> Date of access: 22 May 2017.
- Malan, H. 2017. Aanneming [persoonlike onderhoud]. 3 Okt. 2017. Potchefstroom.
- Master of Social Work – University of Zululand. 2018. <http://www.unizulu.ac.za/course/master-of-social-work-amas23/> Date of access: 27 June 2018.
- Meinck, F. & Spreckelsen, T. 2018. Introduction to systematic reviews. [PowerPoint presentation].
- Moher, D., Liberati, A., Tetzlaff, J., & Altman, D.G. 2010. Preferred reporting items for systematic reviews and meta-analyses: The PRISMA statement. *International Journal of Surgery*, 8(5):336-341. [https://ac-els-cdn-com.nwulib.nwu.ac.za/S1743919110000403/1-s2.0-S1743919110000403-main.pdf?\\_tid=12019e1f-c902-4afe-9b60-619aa53889c0&acdnat=1543068864\\_f162cb476ab77bcf42f2e8f2d339dbb7](https://ac-els-cdn-com.nwulib.nwu.ac.za/S1743919110000403/1-s2.0-S1743919110000403-main.pdf?_tid=12019e1f-c902-4afe-9b60-619aa53889c0&acdnat=1543068864_f162cb476ab77bcf42f2e8f2d339dbb7) Date of access: 28 May 2017.
- Okoli, C. & Schabram, K. 2010. A guide to conducting a systematic literature review of information systems research. *Sprouts: Working Papers on Information Systems*, 10(26).  
<http://sprouts.aisnet.org/10-26> Date of access: 18 Mei 2017.
- Pilkington, G. & Hockenull, J. 2014. Planning and managing my review. (In Boland, A., Cherry, M.G. & Dickson, R. ed. *Doing a systematic review: A student's guide*. London: Sage. p. 181-200).
- Polisena, J., Garritty, C., Umscheid, C.A., Kamel, C., Samra, K., Smith, J. & Vosilla, A. 2015. Rapid review summit: An overview and initiation of a research agenda. *Systematic Reviews*, 4:111-117. <http://creativecommons.org/publicdomain/zero/1.0/> Date of access: 21 Nov. 2018.
- Postgraduate Programmes – University of Johannesburg. 2018.  
<https://www.uj.ac.za/faculties/humanities/Department-of-Social-Work/Pages/Postgraduate-Programmes.aspx> Date of access: 27 June 2018.
- Potgieter, R. 2004. Trauma and attachment – Training Manual. Date of access: 1 Oct. 2017. [PowerPoint presentation]. (Unpublished).
- Postgraduate studies – Walter Sisulu University. 2018.  
<http://www.wsu.ac.za/waltersisulu/index.php/post-graduate-studies/> Date of access: 27 June 2018.

Rubin, A. & Babbie, E. 2016. Essential research methods for social work. 4th ed. Boston: Cengage.

School of Social Sciences Programmes – University of Limpopo. 2018.  
[https://www.ul.ac.za/index.php?Entity=social\\_prog](https://www.ul.ac.za/index.php?Entity=social_prog) Date of access: 27 June 2018.

Social Development Professions – Nelson Mandela University. 2018.  
<http://socialdev.mandela.ac.za/> Date of access: 27 June 2018.

Siegel, D.H. 2010. Russian adoption – lessons for social workers. *Social Work Today*, 10(5).  
<http://www.socialworktoday.com/archive/092310p14.shtml> Date of access: 1 Oct. 2017.

Siegel, D.H. 2013. Adoption competency in clinical social work. *Social Work Today*, 13(6).  
<http://www.socialworktoday.com/archive/111113p16.shtml> Date of access: 2 Oct. 2017.

Sloth-Nielson, J. 2016. Adoption Conference 2016: Treaty body reporting. The changing face of adoption, bi-annual conference of NACSA. <http://www.adoptioncoalitionsa.org/wp-content/uploads/2016/11/Prof-Sloth-Nielsen.pdf> Date of access: 1 March 2017. [PowerPoint presentation].

Suid-Afrika. 2005. Kinderwet 38 van 2005.

Suid-Afrika. 1978. Wet op Maatskaplike Diensberoep 110 van 1978.

The Evan B. Donaldson Adoption Institute. 2004. What's working for children: A policy study of adoption stability and termination. [https://www.adoptioninstitute.org/wp-content/uploads/2013/12/Disruption\\_Report.pdf](https://www.adoptioninstitute.org/wp-content/uploads/2013/12/Disruption_Report.pdf) Date of access: 22 Jan. 2018.

Torres, N., Maia, J., Verissimo, M., Fernandes, M., & Silva, F. 2012. Attachment security representations in institutionalized children and children living with their families: Links to problem behaviour. *Clinical Psychology & Psychotherapy*, 19(1):25-36.  
<http://doi.wiley.com/10.1002/cpp.739> Date of access: 3 Oct. 2017.

Tricco, A.C., Antony, J., & Straus, S.E. 2015. Systematic reviews vs. rapid reviews: What's the difference? CADTH Rapid Review Summit at the University of Toronto.  
[https://www.cadth.ca/media/events/Andrea-Tricco\\_RR-vs-Systematic-Reviews\\_Feb-4-2015.pdf](https://www.cadth.ca/media/events/Andrea-Tricco_RR-vs-Systematic-Reviews_Feb-4-2015.pdf)  
Date of access: 25 Oct. 2017. [PowerPoint presentation].

Uman, L.S. 2011. Systematic reviews and meta-analyses. *Journal of the Canadian Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 20(1):57-59.

[https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC3024725/pdf/ccap20\\_1p57.pdf](https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC3024725/pdf/ccap20_1p57.pdf) Date of access: 7 Aug. 2017.

University of Pretoria Yearbook. 2018. <https://www.up.ac.za/yearbooks/2018/HUM-faculty/MA-programmes?zpage=3> Date of access: 27 June 2018.

University of the Witwatersrand – Social Work. 2018. <http://www.wits.ac.za/course-finder/postgraduate/humanities/social-work/> Date of access: 27 June 2018.

University of Venda Social Work Course. 2018. <https://mycourses.co.za/university-of-venda-social-work-course/> Date of access: 27 June 2018.

Van den Dries, L., Juffer, F., Van IJzendoorn, M.H. & Bakermans-Kranenburg, M.J. 2009. Fostering security? A meta-analysis of attachment in adopted children. *Children and Youth Services Review*, 31(3):410-421. [https://ac-els-cdn-com.nwulib.nwu.ac.za/S019074090800234X/1-s2.0-S019074090800234X-main.pdf?\\_tid=1b7879ec-177c-438c-80e0-f276d3e40678&acdnat=1530960589\\_a572804a72884543d30df8dd98cd4e53](https://ac-els-cdn-com.nwulib.nwu.ac.za/S019074090800234X/1-s2.0-S019074090800234X-main.pdf?_tid=1b7879ec-177c-438c-80e0-f276d3e40678&acdnat=1530960589_a572804a72884543d30df8dd98cd4e53)  
<http://dx.doi.org/10.1016/j.childyouth.2008.09.008> Date of access: 2 March 2017.

Van IJzendoorn, M.H., Palacios, J., Sonuga-Barke, E.J.S., Gunnar, M.R., Vorria, P., McCall, R.B., Le Mare, L., Bakermans-Kranenburg, M.J., Dobrova-Krol, N.A., & Juffer, F. 2011. Children in institutional care: delayed development and resilience. *Monographs of the Society for Research in Child Development*, 76(4):8-30. <http://doi.wiley.com/10.1111/j.1540-5834.2011.00626.x> Date of access: 2 Oct. 2017.

Virginia Commonwealth University - VCU. 2018. Rapid review protocol. <https://guides.library.VCU.edu/rapidreview> Date of access: 26 May 2018.

Walker, J. 2008. The use of attachment theory in adoption and fostering. *Adoption and Fostering*, 32(1):49-57. <http://aaf.sagepub.com/lookup/doi/10.1177/030857590803200107>  
Date of access: 21 Apr. 2017.

Welsh, J.A., Viana, A.G., Petrill, S.A., & Mathias, M.D. 2007. Interventions for internationally adopted children and families: A review of the literature. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 24(3):285-311. <http://link.springer.com/10.1007/s10560-007-0085-x> Date of access: 25 Aug. 2017.

Wette **kyk** Suid-Afrika

Wiley, M.O. 2017. Adoption Research, Practice, and Societal Trends: Ten Years of Progress. *American Psychologist*, 72(9): 985-995.

<http://eds.a.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=8ee750cd-1801-45cc-9f37-78042bf1a100%40sessionmgr4007> Date of access: 22 Jan. 2018.

Wilkins, D. 2012. Disorganised attachment indicates child maltreatment: How is this link useful for child protection social workers? *Journal of Social Work Practice*, 26(1):15-30.

<http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/02650533.2011.598228> Date of access: 2 Oct. 2017.

Wissink, I.B., Colonnaesi, C., Stams, G.J.J.M., Hoeve, M., Asscher, J.J., Noom, M.J., Polderman, N., & Kellaert-Knol, M.G. 2016. Validity and reliability of the attachment insecurity screening inventory (AIS) 2–5 Years. *Child Indicators Research*, 9(2):533-550.

<http://dx.doi.org/10.1007/s12187-015-9322-6> Date of access: 6 Aug. 2017.

Young, J.M., & Solomon, M.J. 2009. How to critically appraise an article. *Nature Clinical Practice Gastroenterology and Hepatology*, 6(2):82-91. doi:10.1038/ncpgasthep1331 Date of access: 6 Nov. 2018.

## **AFDELING 2: LITERATUUROORSIG**

### **2.1 Inleiding**

Gehegtheid speel 'n kardinale rol in suksesvolle aannemings. Aangesien aanneming 'n spesialiteitsveld in maatskaplike werk is, is verdere opleiding noodsaaklik vir die aannemingsmaatskaplike werker wat gehegtheid in aanneming bevorder. Ten einde die impak van die inhoud van hierdie opleidingsprogramme te kan verstaan, is definiëring van tersaaklike begrippe nodig. Uit die literatuuroorsig blyk dit egter dat daar in Suid-Afrika nie voldoende opleidingsprogramme bestaan nie.

### **2.2 Begripsomskrywing**

Die kernbegrippe ter sprake word soos volg uitgelig.

#### **2.2.1 Opleidingsprogram**

Volgens die e-Woordeboek van die Afrikaanse Taal (2003) is opleiding die “handeling of proses om op te lei, of kennis, vaardighede, insig of dergelike kennis wat tydens so 'n handeling of proses bekom is”. 'n Opleidingsprogram omsluit 'n spesifieke leerarea, met kennis en vaardighede wat aan die ontvanger/leerder oorgedra word.

#### **2.2.2 Maatskaplike werk**

Maatskaplike werk word deur die Internasionale Vereniging van Skole vir Maatskaplike Werk (International Association of Schools of Social Work – IASSW) gedefinieer, en onderskryf deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensprofessies (South African Council for Social Services Professions – SACSSP), die Vereniging vir Suid-Afrikaanse Maatskaplike Werkopleidingsinstansies (Association of South African Social Work Education Institutions – ASASWEI), en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Von Wielligh, 2014:214) as:

*Social work is a practice-based profession and an academic discipline that promotes social change and development, social cohesion, and the empowerment and liberation of people. Principles of social justice, human rights, collective responsibility and respect for diversities are central to social work. Underpinned by theories of social work, social sciences, humanities and indigenous knowledges, social work engages people and structures to address life challenges and enhance wellbeing (Von Wielligh, 2014:214).*

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:40) definieer maatskaplike werk as 'n “professionele diens wat deur 'n maatskaplike werker gelewer word, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van mense”. Hutchinson (2013:279) bevestig dat



maatskaplike werkers verandering in mense bevorder. Maatskaplike werk as professione is dus nie net in die akademiese gegronde nie, maar ook op die praktyk, gerig op verandering en verbetering van die mens se funksionering binne die kulturele omgewing, met dienslewering deur die gekwalifiseerde en geregistreerde maatskaplike werker.

### **2.2.3 Maatskaplike werker**

Die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) definieer 'n maatskaplike werker as "a person who is registered or deemed to be registered as a social worker in terms of the Social Service Professions Act, 1978 (Act No. 110 of 1978)". Die Nuwe Woordboek vir Maatskaplike Werk (1995:40) bied bykans dieselfde definisie: "persoon wat volgens die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet 110 van 1978) geregistreer is om maatskaplike werk te beoefen". 'n Maatskaplike werker moet die nodige kwalifikasie by 'n goedgekeurde opleidingsinstansie behaal, aan sekere vereistes voldoen, en ook geskik en bekwaam wees om die werk te kan verrig.

### **2.2.4 Aannemingsmaatskaplike werker**

'n Aannemingsmaatskaplike werker word deur die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) soos volg omskryf:

- (a) a social worker in private practice
  - (i) who has a speciality in adoption services and is registered in terms of the Social Service Professions Act, 1978 (Act No. 110 of 1978); and
  - (ii) who is accredited in terms of section 251 to provide adoption services; or
- (b) a social worker in the employ of a child protection organisation which is accredited in terms of section 251 to provide adoption services (South Africa, 2005).

'n Aannemingsmaatskaplike werker kan óf in privaatpraktyk óf in diens van 'n kinderbeskermingsorganisasie werksaam wees, geakkrediteer deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, gespesialiseerde opleiding ondergaan het, en die nodige ervaring in die lewering van aannemingsdienste toon.

### **2.2.5 Aanneming**

Aanneming is die "geregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van 'n minderjarige aan 'n meerderjarige toegeken word" (Nuwe Woordboek vir Maatskaplike Werk, 1995:1). Addisionele gespesialiseerde en in-diepte kennis, vaardighede, en kundigheid word in 2013 by hierdie definisie bygevoeg (Department of Social Development, 2013:1). Terminering van die ouerlike regte, verantwoordelikhede en

voogskap vind plaas alvorens dit aan die aanneemouer oorgedra word (Department of Social Development, 2018:1). Aanneming is die wetlike reëling waartydens die verantwoordelikhede en regte van die biologiese ouer van 'n kwesbare kind getermineer en permanent aan die aanneemouer toegeken word, gefasiliteer deur die aannemingsmaatskaplike werker se addisionele gespesialiseerde en in-diepte kennis, vaardighede en kundigheid. Die sukses van die aanneming kan deur gehegtheid en binding beïnvloed word. Kennis in terme van gehegtheid is van kardinale belang vir die aannemingsmaatskaplike werker, ten einde die aanneemouer te begelei indien probleemgedrag by die aangenome kind na vore sou tree.

### **2.2.6 Binding en gehegtheid**

Binding is om “geheg [te] wees aan iemand of iets, sodat die gedrag daar merkbaar deur beïnvloed of bepaal word” en gehegtheid is die “toestand van geheg wees” (e-Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 2003). Volgens Bowlby, soos aangehaal deur Levy en Orlans (2014:58) is binding die biologiese, genetiese en emosionele verbinding tussen moeder en baba gedurende swangerskap en geboorte, terwyl gehegtheid 'n proses is wat binne die eerste drie lewensjare ná geboorte deur interaksie tussen die kind en primêre versorger aangeleer word.

Indien daar gedurende hierdie studie 'n fenomeen soortgelyk aan binding gevind word, word dit uitgesluit, aangesien die fokus van hierdie studie op gehegtheid (*attachment*) is. Vir die doeleindes van hierdie studie rakende die inhoud van opleidingsprogramme in aanneming, word die term gehegtheid gebruik.

### **2.2.7 Opleiding van die maatskaplike werker**

Opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika word deur die Wet op Maatskaplike Diensberoep 110 van 1978 (South Africa, 1998) sowel as die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) gereguleer (Lombard, 2015; Malan, 2017), en deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep (South African Council for Social Services Professions – SACSSP) gereël, 'n statutêre liggaam daargestel deur die Wet op Maatskaplike Diensberoep 110 van 1978.

Alvorens 'n persoon as maatskaplike werker kan praktiseer, moet daar aan sekere professionele kriteria voldoen word en registrasie by die SACSSP realiseer (Von Wielligh, 2014:18). 'n Vier jaar Baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk (BMW) (National Qualifications Framework – NQF 8) is nodig as toepaslike en aanvaarbare toegangskwalifikasie, waarna 'n meestergraad (NQF 9) (Department of Higher Education and Training, 2015) of doktoraal (NQF 10) (Department of Higher Education and Training, 2015) in maatskaplike werk behaal kan word (Department of Social Development, 2013). Die graad Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BMW) word by 16 (Lombard, 2015) van die 26 (Universities South Africa, 2018) openbare universiteite in Suid-Afrika

aangebied. Verder moet maatskaplike werkers voortgesette professionele ontwikkeling ondergaan, ten einde registrasie te behou.

### **2.3 Opleiding van die maatskaplike werker in aannemingsbevoegdheid**

Aanneming en aannemingsbevoegdheid word soos volg deur Siegel (2013) beskryf:

*Adoption is not an event but a lifelong process. Working with adopted people and their extended biological and adoptive families requires training and awareness of attitudes, perspectives, beliefs, and values that shape everything social workers do (Siegel, 2013).*

Alhoewel die meeste maatskaplike werkers poog om aannemingsaangeleenthede na die beste van hulle vermoë te hanteer, is hulle volgens Siegel (2013) nie voldoende in aannemingsbevoegdheid opgelei nie. Siegel (2013) konstateer verder dat aannemingsbevoegdheid uit waardes, kennis en vaardighede bestaan. "As adoption competency is not a mandated component of curriculum in accredited schools of social work, most social workers need postgraduate training to work ethically and effectively with people whose lives are touched by adoption" (Siegel, 2013). Daarom gebeur dit soms dat kernaspekte nie ten beste hanteer word nie, maar eerder meer spanning vir die kliënt veroorsaak as wat hulp verleen word.

Aanneming, as 'n gespesialiseerde area in die veld van kindersorg en kinderbeskerming (Department of Social Development, 2018:4), en een van die wyses van versorging van die kwesbare kind (Malan, 2017), is 'n permanente plasing van die kwesbare kind, terwyl pleegsorg of plasing in 'n kinder- en jeugsorgsentrum slegs 'n tydelike alternatief vir ouerlike sorg is (Department of Social Development, 2017:135). Geen persoon of organisasie mag aannemingsdienste in Suid-Afrika lewer indien hulle nie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geakkrediteer is nie (Department of Social Development, 2017:143).


Indien die aannemingsmaatskaplike werker as spesialis in aannemingsdienslewering wil registreer, moet aan die volgende vereistes voldoen word soos deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (Department of Social Development, 2018:3-4) gestel: (1) die voorgeskrewe registrasiefooi moet aan die SACSSP betaal word; (2) bewys moet gelewer word van 'n erkende kwalifikasie in Maatskaplike Werk; (3) bewys moet ingedien word van registrasie by die SACSSP as maatskaplike werker; (4) bewys van een van die volgende moet ingedien word: (a) 'n toepaslike meestersgraad in aannemingswerk plus twee jaar toepaslike en bewysgebaseerde ervaring op die terrein van aannemingswerk; of (b) 'n toepaslike nagraadse sertifikaat of diploma in aannemingswerk plus vyf jaar toepaslike en bewysgebaseerde ervaring op die terrein van aannemingswerk; of (c) 'n Baccalaureus in Maatskaplike Werk (BSW)

kwalifikasie plus agt jaar toepaslike en bewysgebaseerde ervaring op die terrein van aannemingswerk.

Die Noordwes Universiteit (NWU) te Potchefstroom bied 'n meestersgraad in Kinderbeskerming aan met aanneming as een van die velde van sorg vir die kwesbare kind (Malan, 2017). Gehegtheid word tydens hierdie opleiding aangeraak as een van die aspekte in aanneming (Abba, 2016:100). Die behoefte bestaan dat die huidige kurrikulum van die meestersgraad van die Noordwes Universiteit deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling erken sal word, ten einde in hierdie behoefte aan verpligte opleiding in aannemingswerk te voldoen.

#### **2.4 Die inhoud van opleidingsprogramme vir die maatskaplike werker in aanneming**

Die keuse tot en die proses van aanneming moet aan “prescribed national and international principles, regulations, procedures, **norms and standards**” voldoen (Department of Social Development, 2017:141). Kanes (2016:82) bevind egter dat daar geen gestandaardiseerde protokol of prosedures vir aanneming vir die Suid-Afrikaanse maatskaplike werker in privaatpraktyk bestaan nie. Hy beveel aan dat 'n “uniform process that proves consistency and thoroughness with psychometric and ecometric properties that regards cultural differences, beliefs, norms, values and language variations” (Kanes, 2016:82) vir die Suid-Afrikaanse omstandighede ontwikkel moet word. Opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, omsluit dienslewering aan al die partye van die aannemingsdrietal, naamlik die biologiese ouers, die aanneembare kind, en die aanneemouers. Die aannemingsdrietal word in Figuur 2.1 voorgestel. Aangesien die proses van aanneming by die biologiese ouer begin, sal aandag eerstens daaraan verleen word.




**Figuur 2-1: Die aannemingsdrietal**

### 2.4.1 Die biologiese ouer

Deur die gebruik van die nodige assesseringsmiddels en dokumentasie word 'n volledige, geïndividualiseerde, sterkte-gebaseerde, gesinsgefokusde, kultureel relevante ondersoek na die omstandighede van die biologiese ouer gemaak ten einde te bepaal wat die ouer se sterktes, vaardighede, motivering tot verandering, onmiddellike en toekomstige behoeftes is (State of Tennessee, 2015:8). Dit is noodsaaklik dat die familie van die biologiese ouer ingelig en betrek word, sowel as ander tersaaklike bronne, alvorens 'n finale besluit rakende die toekoms van die kind geneem word.

Die proses wat met die biologiese ouer gevolg word, word in Figuur 2.2 voorgestel.



**Figuur 2-2: Die aannemingsproses van die biologiese ouer**

Indien die swangerskap nie 'n krisis vir die biologiese ouer is nie, sal aanneming nie ter sprake wees nie.

#### 2.4.1.1 Insig in die krisisswangerskap

'n Swangerskap word 'n krisis wanneer die fisiese en emosionele welsyn van die moeder bedreig word en sy sukkel om die mense betrokke in haar lewe, haar omstandighede sowel as ander druk te beheer (Abba, 2016:34). Dit word van die aannemingsmaatskaplike werker verwag om met die nodige empatie en kennis van die omstandighede en proses die biologiese ouer by te staan en te begelei, ten einde die beste belange van die betrokke kind in ag te neem wanneer 'n besluit rakende die toekoms van die kind geneem moet word.

### **2.4.1.2 Berading met betrekking tot alternatiewe in plasing**

Berading aan die biologiese ouer met betrekking tot alternatiewe in plasing van die betrokke kind is volgens die Kinderwet 38 van 2005 verpligtend (South Africa, 2005). Die volgende alternatiewe plasingsopties bestaan: kinderondersteuningstoelaag, privaatreëling (familie of vriende), pleegsorg (familieverwant of nie-familieverwant), versorging in 'n kinder- en jeugsorgsentrum, aborsie, verlatting van die baba (onwettig), of aanneming. Al die voor- en nadele van elke opsie word bespreek ten einde die biologiese ouer in staat te stel om 'n ingeligte besluit rakende die toekoms van die kind te neem. Permanensie word in kinderbeskerming bevorder en word gesien as 'n sistematiese, doelgeoriënteerde, en tydige bestuursbenadering in kindersorg en kinderbeskerming vir alle kinders binne die kinderbeskermingsstelsel, wat gerig is op die versekering van positiewe gehegtheid deur stabiliteit en kontinuïteit (Department of Social Development, 2017:134).

### **2.4.1.3 Wetlike prosesse**

Die aannemingsproses word aan die hand van die betrokke artikels van die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) hanteer. Toestemming tot aanneming word op 'n wetlik voorgeskrewe wyse voor 'n voorsittende beampte van die kindersorg verleen (South Africa, 2005). Die biologiese ouer mag ingevolge artikel 288(8) van die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) die toestemming tot aanneming op 'n wetlik voorgeskrewe wyse terugtrek. Die lewering van nasorgdienste is van kardinale belang vir die biologiese ouer.

### **2.4.1.4 Nasorg**

Die dienslewering aan die biologiese ouer eindig nie met die verlening van toestemming tot aanneming nie, aangesien toegang tot dienslewering beskikbaar moet wees vir solank as wat dit deur die biologiese ouer benodig word (Abba, 2016:48).

Die kind is die volgende wat in die aannemingsdrietal aandag geniet.

## **2.4.2 Die kind**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 (South Africa, 1996) bied aan elke kind die reg tot gesinsorg, ouerlike sorg of toepaslike alternatiewe sorg, belyd met artikel 20 van die *Convention on the Rights of the Child – CRC* (United Nations, 1989), waar die sorg-behoewende kind die reg tot beskerming van die Staat verkry, met die insluiting van pleegsorg en aanneming (Van der Walt, 2018:28).

Vir 'n kind om sy volle potensiaal te bereik, moet die volle geleentheid gebied word om binne 'n gesinsomgewing met 'n atmosfeer van geluk, liefde, en begrip groot te word (Abba, 2016:6). "Every child needs and deserves a safe, nurturing, permanent family" (Siegel, 2013).

Aanneembaarheid word deur die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) bepaal: wanneer die kind 'n weeskind is of nie 'n voog of versorger het wat bereid is om die kind aan te neem nie; die verblyf van die biologiese ouer/s nie bepaal kan word nie; die kind verlaat is; die kind deur die ouer of voog mishandel of doelbewus verwaarloos is of toegelaat het dat die kind verwaarloos word; of die kind 'n permanente alternatiewe plasing benodig. Artikel 233 van die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) bepaal dat indien die betrokke kind ouer as 10 jaar is, die kind self op 'n wetlik voorgeskrewe wyse toestemming tot die voorgenome aanneming moet verleen, nadat berading deur die aannemingsmaatskaplike werker gelewer is. Wanneer bevestig is dat die kind aanneembaar is, word die besonderhede van die betrokke kind op die register van aanneembare kinders en voornemende aanneemouers geplaas (*Register on Adoptable Children and Prospective Adoptive Parents – RACAP*).


Deur middel van spesifieke dokumente word 'n volledige geskiedenis van die kind opgebou (Abba, 2016:42; Chari, 2017; State of Tennessee, 2015:31). Die kinderstudie of agtergrondsverslag rakende die kind word opgestel deur die gebruikmaking van hierdie dokumente.

Die agtergrondsverslag of kinderstudie (Chari, 2017) bevat tersaaklike inligting vir voorlegging aan die passingspaneel en later die voornemende aanneemouer. Hierdie lêer, met al die besonderhede en geskiedenis van die kind, mag nooit vernietig word nie en is beskikbaar aan die kind ná die ouderdom van 18 jaar (South Africa, 2005). Siegel (2013) huldig die mening dat enige persoon die reg tot toegang tot sy/haar persoonlike inligting moet hê. Daarom sal permanent verseelde oorspronklike geboortesertifikate in geen aangenome persoon se beste belang wees nie.

Die laaste groep in die aannemingsdrietal, die aanneemouer, verdien vervolgens aandag.

### **2.4.3 Die aanneemouer**

Die aanneemouer se geskiktheid word aan die hand van artikel 231 van die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) bepaal: geskik en gepas (fit and proper); gewillig en in staat; bo die ouderdom van 18 jaar; en behoorlik ondersoek deur 'n aannemingsmaatskaplike werker ten einde te bepaal of die aansoekers aan al die wetlike vereistes voldoen. Die volledige proses van dienslewering aan die aanneemouer word in Figuur 2.3 voorgestel.



**Figuur 2-3: Dienslewering aan die aanneemouer**

### 2.4.3.1 Werwing en oriëntering

Aanneming moet, as onderafdeling van kinderbeskerming, deur aannemingsorganisasies **bemark** word vir die **werwing** van aanneemouers (Department of Social Development, 2010:346). Die doel van die **oriëntering** is om die voornemende aanneemouer op die realiteit van aanneming voor te berei (Abba, 2016:76), sowel as op die proses wat gevolg gaan word (Child Welfare Information Gateway, 2015). Indien dit blyk dat die motiewe nie suiwer is nie, of dat die voornemende aanneemouer nie emosioneel gereed is nie, kan dit die ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid deur die aangenome kind beïnvloed en kan die kind met gedrag van 'n nie-geborge gehegtheid presenteer, wat verdere eise aan die aanneemouer sal stel. Tydens die oriëntering word verskeie tersaaklike aspekte bespreek (Abba, 2016:76; A Family For Every Child Adoption Agency, 2017; Department of Social Development, 2010:376; PAC-UK, 2018; Siegel, 2013).

### 2.4.3.2 Keuring

Alle aansoeke word op meriete hanteer en aan die standaard van die beste belange van die kind gemeet (Abba, 2016:73). Aanneming is nie om 'n kind vir die ouer te vind nie, maar om die mees gepaste ouer vir die kind te vind (Abba, 2016:73; Siegel, 2013). 'n Volledige maatskaplike keuringsondersoek bepaal die moontlike kwalifikasie van die voornemende aanneemouer (Abba, 2016:73; Child Welfare Information Gateway, 2015). Volgens Abba (2016:85) verg unieke situasies unieke assessering en keuring van die voornemende aanneemouer. Dit is in die kind se beste belang dat die aanneming verbeterde maatskaplike omstandighede sal toon as waaruit die kind verwyder is (Abba, 2016:84). Hierna word die keuringsverslag aan die Departement van



Maatskaplike Ontwikkeling voorsien vir latere voorlegging aan die kinderhof (South Africa, 2005). Hierdie ondersoekproses beloop ten minste ses tot 24 maande, maar kan selfs so lank as 10 jaar duur, indien onverwerkte trauma nog aandag moet geniet (Farber *et al.*, 2003:176).

#### **2.4.3.3 Opleiding**

Tydens die voorbereiding van voornemende aanneemouers verskaf aannemingsorganisasies soos *Abba Specialist Adoption & Social Services* (Ferreira, 2017), sowel as *Impilo Child Protection and Adoption Services* (Krawitz, 2017), opleiding in hoe ervarings van trauma en gehegtheidsbreke by die aangenome kind die vermoë tot gehegtheid met die aanneemouers nadelig kan beïnvloed (Lionetti *et al.*, 2015:136). Kontinuiteit en stabiliteit is aspekte wat dikwels in die omstandighede van die aangenome kind ontbreek. “Children who experience instability and stress as a result of constant change can experience compromised wellbeing. The links between attachment, stability and permanency is therefore important” (Department of Social Development, 2017:134).

#### **2.4.3.4 Plasing**

Die datum vir die finalisering van die aanneming word in die kinderhof bevestig. Die aannemingsbevel word tydens die hofverrigtinge deur die voorsittende beampte onderteken, as bekragtiging van die aanneming. Met die bekragtiging van die aanneming word die ouerlike verantwoordelikhede en regte van die biologiese ouers getermineer en ten volle aan die aanneemouer oorgedra. Die aangenome kind word dan as die biologiese kind van die aanneemouer beskou. Na registrasie van die aanneming by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling word 'n aansoek by die Departement van Binnelandse Sake ingedien en die kind van 'n nuwe onverkorte geboortesertifikaat (Unabridged Birth Certificate) voorsien, met die aanneemouer se besonderhede as biologiese ouer. Na afloop van die uitreiking van die aannemingsbevel deur die kinderhof word die tersaaklike dokumente na die Registrateur van Aannemings by die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gestuur vir aantekening in die aannemingsregister.

#### **2.4.3.5 Nasorg**

Alhoewel nasorgdienste vir ten minste die volgende twee jaar deur die aannemingsmaatskaplike werker aan die aanneemouer gelewer word (Department of Social Development, 2017:144), is dit beskikbaar vir solank as wat die aanneemouer of kind dit benodig. Siegel (2013) huldig die mening dat aangesien aanneming 'n lewenslange proses is, mag die lede van die uitgebreide familie van aanneming aanspraak maak op dienslewering vir solank as wat dit nodig is. Dit is hoofsaaklik gedurende hierdie tydperk wat die aanneemouer begelei word in die aanpassing van

die aanneemsituasie, wat onder andere ondersteuning in die bevordering van 'n geborge gehegtheid insluit.

## **2.5 Fokus op gehegtheid in die opleidingsprogram binne die spesialiteitsveld van aanneming in maatskaplike werk**

Die gehegtheidsteorie bied 'n raamwerk van teorie en navorsing oor denkpattone, gedrag en verhoudinge binne die uniekheid van elke mens (Fallowfield, 2009), en beïnvloed die ontwikkeling van die kind op alle lewensterreine. Daarom is dit noodsaaklik om aandag te verleen aan die ontstaan en ontwikkeling van die gehegtheidsteorie.

### **2.5.1 Die ontstaan van die gehegtheidsteorie**

Na aanleiding van Bowlby se verslag aan die Wêreldgesondheidsorganisasie gedurende 1951 rakende sy werk met kinders en gesinne, gaan hy voort om die fenomeen van gehegtheid verder te ondersoek en staan hy later as die vader van die gehegtheidsteorie bekend (Levy & Orlans, 2014:31). Sekerlik die mees uitdagende aspek van vroeë ontwikkeling en behoeftebevrediging by die kind, is die vestiging van 'n positiewe interne werkingsmodel, soos deur Ainsworth, 'n kollega van Bowlby, beskryf (Levy & Orlans, 2014:32). Die kind ontwikkel vertrouwe en 'n geborge gehegtheid deur die suksesvolle bevrediging van basiese behoeftes en die verligting van ongemak deur die primêre versorger. Dit staan as die positiewe interne werkingsmodel bekend (Levy & Orlans, 2014:36). Geborge gehegtheid, as uitvloeisel van die positiewe interne werkingsmodel, vorm 'n goeie basis vir verdere ondersoek van die fisieke en maatskaplike omgewing van die kind (Colonnese *et al.*, 2013:180; Levy & Orlans, 2014:34).


Die brein ontwikkel vinnig gedurende die eerste drie jaar van die kind se bestaan deur "establishing pathways that allow the more complex structures of the brain to come into being" (Atwood, 2006:317). Alhoewel kwesbare omstandighede 'n nadelige effek op die ontwikkeling van die kind se brein het, kan die neuronbane in die brein verander wanneer die trauma van die kwesbare kind positief aangespreek word. Gehegtheid wat in die vroeë kinderjare ervaar word, bepaal alle toekomstige verhoudinge positief of negatief. Die gevolge van hierdie ervaring word na volgende generasies oorgedra (Levy & Orlans, 2014:99) en moet dikwels deur die aannemingsmaatskaplike werker hanteer word. Daarom vorm die inhoud van beskikbare opleidingsprogramme in aanneming, met spesifieke verwysing na gehegtheid, die kern van hierdie navorsing.

## 2.5.2 Opleiding in gehegtheid

Alhoewel aandag aan opleiding in gehegtheid vir maatskaplike werkers in aannemingsorganisasies verleen word (Chari, 2017; Ferreira, 2017; Krawitz, 2017), word die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie aan soortgelyke verpligte opleiding blootgestel nie (Holtzhausen, 2017; Van der Walt, 2018). Globaal is dit in skrilte kontras met opleiding en akkreditasie van aannemingsbevoegdheid van maatskaplike werkers. Alhoewel daar volgens Siegel (2013), 'n internasionaal erkende akademikus wat in aannemingswerk spesialiseer, nie 'n erkende definisie vir aannemingsbevoegdheid bestaan nie, bestaan daar wel konsensus rakende sekere komponente in die opleidingsprogramme vir aannemingsbevoegdheid by die *Rutgers University in New Jersey* en die *Center for Adoption Support and Education in Maryland* (Siegel, 2013). Die *Rutgers School of Social Work* (2018) bied 'n verskeidenheid kliniese werkswinkels in aanneming aan. Indien die sewe verpligte werkswinkels, en 'n keuse van twee ander werkswinkels bygewoon word, tesame met ander verpligte voorwaardes, kan 'n nagraadse sertifikaat in aanneming verwerf word. Een van die verpligte werkswinkels is die verstaan en verwerwing van vaardighede in gehegtheid. Die *Center for Adoption Support and Education in Maryland* (2018) bied opleiding in aannemingsbevoegdheid (*Training for Adoption Competency – TAC*) aan, waar die potensiaal van die aangenome kind se vorming van gehegtheid met die aanneemouer in een van die 12 modules aangespreek word. Hierdie is 'n "post-Master's curriculum designed by C.A.S.E. (Centre for Adoption Support and Education) with the assistance of a National Advisory Board of adoption experts" (Centre for Adoption Support and Education, 2018). Verder is die *Child Welfare Information Gateway* 'n diens wat deur die *Administration for Children and Families* van die *U.S. Department of Health and Human Services* gelewer word en spreek alle aspekte rakende aanneming aan (Child Welfare Information Gateway, 2018). Gehegtheid ontwikkel in onderskeibare fases by die kind.

## 2.5.3 Fases van gehegtheid

Levy en Orlans (2014:74) bespreek die ontwikkeling van die fases van gehegtheid soos volg: (i) gedurende die eerste fase is die kind se reaksies hoofsaaklik refleksief en kan die kind deur enige persoon gemaklik gehou word; (ii) gedurende die tweede fase kan die kind begin onderskei tussen versorgers "and can direct attachment behaviors (e.g., crying, clinging) toward consistent caregivers" (Levy & Orlans, 2014:59); (iii) die derde fase ontwikkel teen ongeveer vyf tot sewe maande ouderdom, waar 'n gehegtheid ten opsigte van 'n spesifieke persoon reeds gevestig word, hoofsaaklik om aan die kind se behoeftes te voorsien; (iv) die vierde fase ontwikkel vanaf ongeveer 30 maande, waartydens maatskaplike en kognitiewe hoedanighede gevestig raak. 'n Geborge gehegtheid ontwikkel binne die eerste lewensjaar, soos in Figuur 2.4 uiteengesit (Levy & Orlans, 2014:62).



**Figuur 2-4: Die ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid binne die eerste lewensjaar**

Indien die primêre versorger dus aan die kind se behoeftes voldoen, ontwikkel 'n geborge gehegtheid tussen die kind en die primêre versorger, waar die nie-voldoening op 'n kontinuum van nie-geborge gehegtheid ontwikkel.

#### **2.5.4 Kontinuum van gehegtheid**

Indien daar nie aan die behoeftes van die kind voldoen word nie, konstateer Levy en Orlans (2014:72) dat 'n nie-geborge gehegtheid (vermydings- of ambivalente gehegtheid) ontwikkel, of selfs 'n gedisorganiseerde gehegtheid (Schofield & Beek, 2018), met gepaardgaande kontinuum van negatiewe gedrag van matig tot ernstig (Blakely & Dziadosz, 2015:285; Bruwer, 2016; Colonnese *et al.*, 2013:180; Levy & Orlans, 2014:149; Wissink *et al.*, 2016:534). Hierdie kontinuum word uiteengesit in Tabel 2.1, soos deur Levy en Orlans (2014:149):

**Tabel 2-1: Kontinuum van gehegtheid**

Vaste	Vermydend	Angstig	Gedisorganiseerd
<ul style="list-style-type: none"> <li>• gemaklik met nabyheid en vertrou</li> <li>• ervaar sekuriteit</li> <li>• kwesbaarheid is aanvaarbaar</li> <li>• positiewe interne werkingsmodel</li> <li>• individualiteit / gebalanseerde samesyn</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• deaktiveer gehegtheidsbehoefte en gedrag</li> <li>• ontken behoeftes en vermy nabyheid</li> <li>• negatiewe interne werkingsmodel (matig)</li> <li>• pseudo-onafhanklik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• weerstandig of ambivalent rakende nabyheid en vertrou</li> <li>• redelike beheer en nie-sekuur</li> <li>• negatiewe interne werkingsmodel (matig)</li> <li>• verwerpend of klouerig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• kan nie vertrou nie of naby wees nie</li> <li>• gebrek aan toon van berou</li> <li>• aggressief en bestraffende beheer</li> <li>• negatiewe interne werkingsmodel (ernstig)</li> <li>• geen georganiseerde strategie om kontak te maak nie</li> </ul>

Hierdie gedrag van nie-geborge gehegtheid is nie onbekend in aanneming nie. Volgens Colonnese *et al.* (2013:180) is veral die aangenome kind kwesbaar vir nie-geborge gehegtheid en die gepaardgaande gedragsprobleme.

### 2.5.5 Die impak van kindersorg op die ontwikkeling van gehegtheid

Aangesien alle toekomstige verhoudinge deur gehegtheid beïnvloed word, bevestig Gunnar en Kertes (2005:47), sowel as Lancaster *et al.* (2017:412), dat die kwesbare kind in alternatiewe sorg, soos inrigtingsversorging, omstandighede ervaar wat nadelig vir fisieke, kognitiewe, en emosionele ontwikkeling is. Verskeie outeurs is dit eens dat kindersorg, veral in die eerste paar lewensjare, uiters negatief op die vorming van gehegtheid inwerk, maar ook op ander vlakke van ontwikkeling (Colonnese *et al.*, 2013:179; Lionetti, 2014:573; Lionetti *et al.*, 2015:135; Torres *et al.*, 2012:25; Van IJzendoorn *et al.*, 2011:19). Die meeste kinders wat vir aanneming beskikbaar gestel word, bring ten minste ses maande tot selfs etlike jare in 'n kinder- en jeugsorgsentrum (kinderhuis) deur alvorens 'n aanneming gefinaliseer word (Sloth-Nielson, 2016). Verskeie van hierdie aannemings misluk egter. Die afwesigheid van 'n nie-geborge gehegtheid en gepaardgaande gedragsprobleme kan moontlik as 'n oorsaak aangedui word wat kan lei tot mislukte aannemings (Kerr & Cossar, 2014:427; The Evan B. Donaldson Adoption Institute, 2004:16). Vanweë 'n tekort aan opleiding kan daar 'n gebrek aan kennis van gehegtheid

by maatskaplike werkers bestaan, wat aanleiding kan gee dat dit uitdagend is om die aanneemouers binne die gesinsopset te begelei in terme van gehegheidsproblematiek (Festinger, 2005:463; Lancaster, Ovrebo & Zuckerman, 2017:419; Siegel, 2010; Wiley, 2017:992).

### **2.5.6 Die impak van aanneming op gehegtheid**

Navorsing toon dat aanneming binne die gesinsopset die beste alternatiewe versorging bied en sodoende die mees effektiewe en stabiele wyse van permanensie in die lewe van 'n kwesbare kind verseker (Bega, 2011; Gerrand & Nathane-Taulela, 2015:55). In die veld van aanneming is gehegtheid een van die aspekte van emosionele ontwikkeling by die kwesbare kind wat in die afgelope jare sterk na vore tree (Bruwer, 2016). Die *South Africa's Child Care Policy* (Department of Social Development, 2017:135) bekragtig die noodsaaklikheid van die vestiging van geborge gehegtheid, veral by die kwesbare kind, soos volg:


*Secure attachments through stability and continuity has long been recognised as an important factor that enhances positive developmental outcomes for children in health, education and interpersonal skills. Conversely, children who experience instability and stress as a result of constant change can experience compromised wellbeing. The links between attachment, stability and permanency is therefore important (Department of Social Development, 2017:135).*

'n Kwesbare kind wat deur mishandeling en verwaarlosing, sowel as trauma, en wan- en ondervoeding gegaan het, ervaar trauma wat die normale ontwikkeling van die brein en die ontwikkeling van geborge gehegtheid kan affekteer (Siegel, 2013). Indien die kind nie 'n geborge gehegtheid met die ouer as primêre versorger ontwikkel nie, kan dit 'n kwesbaarheid veroorsaak wat aanleiding kan gee dat die kind later op alternatiewe sorg aangewese kan wees (Potgieter, 2004).

### **2.5.7 Gehegtheidsbreke**

Wanneer 'n kind dan in alternatiewe sorg geplaas moet word, ontstaan 'n breek in die gehegtheid met die primêre versorger, al was dit 'n nie-geborge gehegtheid. 'n Nuwe gehegtheid moet met die nuwe versorger / pleegouer / aanneemouer gevorm word. Verskeie plasinge verhoog die kwesbaarheid en gepaardgaande trauma van die kind (Atwool, 2006:325; Bruwer, 2016; Carnes-Holt & Bratton, 2014:328; Hughes, 1999:542; Kerr & Cossar, 2014:427). Bruwer (2016) verwys na hierdie verskeie plasinge as "bonding breaks" en definieer dit as "an event or combinations of events, occurring prenatally or post-natally that interferes with a child's opportunity to form a secure attachment with his caregiver" (Bruwer, 2016). Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die term gehegtheidsbreke gebruik. Die gevolge van hierdie gehegtheidsbreke werk nadelig

in op die ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid en Bruwer (2016) stel hierdie proses in Figuur 2.5 voor, met die uiteinde van emosionele en gedragsprobleme.



**Figuur 2-5: Die gevolge van gehegheidsbreke**

Verskeie outeurs (Fisher *et al.*, 2013:9; Levy & Orlans, 2014:355; Van den Dries *et al.*, 2009:19; Welsh *et al.*, 2007:288) bevestig dat veral aangenome kinders, vanweë verskeie plasinge, hoë risiko gevalle vir nie-geborge gehegtheid en verwante gedragsprobleme is. Die problematiek wat die aanneemgesin by aannemingsorganisasies aanmeld, bevestig die behoefte aan meer kennis van gehegtheid (De Caires, 2017; Holtzhausen, 2017). Verskeie gestandaardiseerde meetinstrumente word vir die evaluering van gehegtheid binne die gesinsopset aangewend (ABLE Differently, 2018; Crittenden, Claussen & Kozlowska, 2007:79; University of East Anglia, s.a.; Wissink *et al.*, 2016:533), ten einde die aannemingsmaatskaplike werker in die dienslewering aan die aanneemouer en die aangenome kind te ondersteun. Indien die aannemingsmaatskaplike werker toegerus en opgelei is, sal 'n bewustheid bestaan dat hierdie verskeie plasinge die ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid die kind nadelig beïnvloed het, en dat die aanneemouer se ouerskapstyl nie die oorsaak van die gedragsprobleme by die kind is nie (Siegel, 2013).

### **2.5.8 Behoefte aan meer kennis ten opsigte van gehegtheid in aanneming**

Vanweë 'n gebrek aan kennis van gehegtheid, en 'n tekort aan opleiding, is die maatskaplike werker dikwels nie in staat om die aanneemouer te begelei in terme van problematiek wat die aangenome kind in terme van gehegtheid toon nie, soos bevestig deur verskeie outeurs (Festinger, 2005:463; Lancaster *et al.*, 2017:419; Siegel, 2010). Hierdie navorsing word bevestig wanneer verskeie studies wêreldwyd (Botes & Ryke, 2011:47; Carnes-Holt & Bratton, 2014:331; Lancaster *et al.*, 2017:421; Lesch *et al.*, 2013:1108; Siegel, 2013; Walker, 2008:15; Wilkens, 2012:15) toon dat op voorgraadse vlak weinig opleiding in die gehegtheidsteorie gebied word. Die maatskaplike werker moet self inisiatief aan die dag lê ten einde met hierdie kennis bemagtig te word. Indien substituutouers met kennis van gehegtheid deur die maatskaplike werker bemagtiging word, kan dit tot verbeterde funksionering van die kind bydra. Combrink (2008:94)

beveel verdere navorsing in hierdie opsig aan. Hierdie behoefte aan verdere navorsing word deur Harris (2012:101), sowel as Henwood (2016:78) bevestig wanneer hulle onderskeidelik in hulle navorsing bevind dat ouers 'n baie beperkte kennis ten opsigte van die gehegheidsbehoefte van hul aangenome kinders toon. Hierdie beperkte kennis kan 'n teken wees dat hulle nie deur die aannemingsmaatskaplike werker daarop voorberei is nie. Botes en Ryke (2011:48) bevind dat hul navorsing 'n bewustheid by welsynsorganisasies geskep het ten einde hul personeel beter toe te rus met teoretiese kennis rakende gehegtheid. Die aanneemouers kan baat vind om die gehegheidsbehoefte van die aangenome kind aan te spreek. Die aannemingsmaatskaplike werker moet voorsiening tref vir berading en terapie wanneer die kind presenteer met tekens van onvervulde gehegheidsbehoefte soos skeiding, onvoldoende hanteringsmeganismes, rou, of verlies (State of Tennessee, 2015:33). Hierdie berading en terapie is gefokus op die vestiging van 'n geborge gehegtheid van die aangenome kind met die aanneemouers.

## **2.6 Samevatting**

Die literatuuroorsig verskaf 'n agtergrond vir die vlugtige oorsig van die terminologie en inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, wat in Afdeling 3 bespreek sal word. Die literatuuroorsig fokus hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse omstandighede om vas te stel of beskikbare programme voldoende opleiding aan aannemingsmaatskaplike werkers bied ten einde gehegtheid in aanneming te kan bevorder. Indien die aannemingsmaatskaplike werker oor voldoende kennis rakende gehegtheid beskik, kan gehegheidsproblematiek vroegtydig geïdentifiseer word (Wilkens, 2012:15). Daar kan dan voorkomend opgetree word, ten einde 'n positiewe impak op die kind se gedrag, verhoudings, en emosionele funksionering te kan hê (Kerr & Cossar, 2014:433). Aangesien dit vanuit navorsing blyk dat min maatskaplike werkers met die nodige kennis rakende die gehegtheidsteorie toegerus is (Lancaster *et al.*, 2017:420; Walker, 2008:56), is hulle moontlik nie in staat om die gehegheidsproblematiek in aanneming te kan hanteer nie (Siegel, 2013). Die keuse vir die beplande navorsing rakende die inhoud van opleidingsprogramme in gehegtheid vir aannemingsmaatskaplike werkers kom nie net uit die reeds bestudeerde literatuur na vore nie, maar ook vanuit problematiek in die praktyk (Chari, 2017; De Caires, 2017; Ferreira, 2017; Holtzhausen, 2017; Krawitz, 2017). Uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk 'n behoefte aan navorsing rakende die inhoud van opleidingsgeleenthede vir aannemingsmaatskaplike werkers in gehegtheid noodsaaklik te wees ten einde die nodige dienste aan die aanneemouers te kan lewer.



## 2.7 Bronnelys

A Family for Every Child Adoption Agency. 2017. The Basics of Adoption <https://www.afamilyforeverychild.org/adoption-agency/> Date of access: 10 Sept. 2018.

Abba Specialist Adoption & Social Services Abba. 2016. Adoption Training Manual. (Unpublished).

ABLE Differently. 2018. A home for every child. Date of access: 14 Oct. 2018

Atwool, N. 2006. Attachment and Resilience: Implications for Children in Care. *Child Care Pract.* 12(4):315–330. <http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/13575270600863226> Date of access: 1 March 2017.

Bega, S. 2011. Children in need of a “forever family.” *Cape Times*, 29 May. <https://www.iol.co.za/news/children-in-need-of-a-forever-family-1075276> Date of access: 13 Aug. 2017.

Blakely, T.J. & Dziadosz, G.M. 2015. Application of Attachment Theory in Clinical Social Work. *Health and Social Work.* 40(4):283–289. <https://academic.oup.com/hsw/article-lookup/doi/10.1093/hsw/hlv059> Date of access: 8 Aug. 2017.

Botes, W. & Ryke, E. 2011. The Competency base of social workers with regard to attachment theory in foster care supervision: A pilot study. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 47(1):31-50. <http://socialwork.journals.ac.za/pub/article/view/141> Date of access: 2 Oct. 2017.

Bruwer, E. 2016. Understanding attachment in adoption. The Changing Face of Adoption, the bi-annual Conference of NACSA. <http://www.adoptioncoalitionsa.org/wp-content/uploads/2016/11/Esna-Bruwer.pdf> Date of access: 1 March 2017. [PowerPoint presentation].

Carnes-Holt, K. & Bratton, S.C. 2014. The Efficacy of Child Parent Relationship Therapy for Adopted Children With Attachment Disruptions. *Journal of Counseling and Development* 92(3):328–337. <http://doi.wiley.com/10.1002/j.1556-6676.2014.00160.x> Date of access: 1 Oct. 2017.

Center for Adoption Support and Education in Maryland. 2018. Child Welfare Professionals' Core Competencies Organized by Training Modules <https://adoptionssupport.org/wp-content/uploads/2017/04/Child-Welfare-Professional-Core-Competencies-Final-9.15.15.pdf> Date of access: 25 Nov. 2018.

Chari, P.B. 2017. Children's Court Procedures and Adoption. [personal interview]. 3 Oct., Vereeniging.

Child Welfare Information Gateway. 2015. 'The adoption home study process', Washington DC: U.S. Department of Health and Human Services, Children's Bureau, p. 8. [http://www.childwelfare.gov/pubs/f\\_homstu.pdf](http://www.childwelfare.gov/pubs/f_homstu.pdf) Date of access: 6 Sept. 2017.

Child Welfare Information Gateway. 2018. Topics. <https://www.childwelfare.gov/topics/> Date of access: 11 Oct. 2018.

Colonnese, C., Wissink, I.B., Noom, M.J., Asscher, J.J., Hoeve, M., Stams, G.J.J.M., Polderman, N., & Kellaert-Knol, M.G. 2013. Basic Trust: An Attachment-Oriented Intervention Based on Mind-Mindedness in Adoptive Families. *Research on Social Work Practice*, 23(2):179–188. [https://www.researchgate.net/publication/51460396\\_The\\_Relation\\_Between\\_Insecure\\_Attachment\\_and\\_Child\\_Anxiety\\_A\\_Meta-Analytic\\_Review](https://www.researchgate.net/publication/51460396_The_Relation_Between_Insecure_Attachment_and_Child_Anxiety_A_Meta-Analytic_Review) Date of access: 1 March 2017.

Combrink, A.G. 2008. Geborge binding van kinders in substituuersorg : die voorbereiding van substituuers. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – MA).

Crittenden, P.M., Claussen, A.H. & Kozłowska, K. 2007. Choosing a Valid Assessment of Attachment for Clinical Use: A Comparative Study. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, 28(2):78–87. <http://eds.a.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=c7d69be4-ed85-4355-b671-9facd6984a2a%40sessionmgr4010> <https://doi.org/10.1375/anft.28.2.78> Date of access: 9 Apr. 2017.

De Caires, N. 2017. Kinderhofprosedures en Aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt., Pretoria.

Department of Social Development **kyk** South Africa. Department of Social Development. e-Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2003. [www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za](http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za) Datum van toegang: 1 July 2018.

Fallowfield, J. 2009. Attachment theory and social work with "looked after" children and their families. *goodenoughcaring.com*. <http://www.goodenoughcaring.com/the-journal/attachment-theory-and-social-work-with-looked-after-children-and-their-families/>. Date of access: 8 July 2017.

Farber, M. L. Z., Timberlake, E., Mudd, H.P. & Cullen, L. 2003. Preparing Parents for Adoption: An Agency Experience. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 20(3):175–196. doi: 10.1023/A:1023605811888 Date of access: 6 Sept. 2017.

Ferreira, R. 2017. Kinderhofprosedures en Aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt., Pretoria.

Festinger, T. 2005. Adoption disruption. (In Mallon, G.P., Hess, P.M. eds. *Child welfare for the twenty-first century: A handbook of practices, policies, and programs*. Columbia University Press: New York. p. 452-468). <http://eds.a.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=19013c10-da25-457f-825d-2ae43d43f5aa%40sessionmgr4006> Date of access: 20 Sept. 2017.

Fisher, P.A., Mannering, A.M., Van Scoyoc, A., & Graham, A.M. 2013. A translational neuroscience perspective on the importance of reducing placement instability among foster children. *Child Welfare*, 92(5):9-36. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC4396742/> Date of access: 5 March 2017.

Gerrand, P.A. & Nathane-Taulela, M. 2015. Developing a culturally relevant adoption model in South Africa: The way forward. *International Social Work*, 58(1):55–62. <http://journals.sagepub.com/doi/10.1177/0020872812461043> Date of access: 5 March 2017.

Gunnar, M.R. & Kertes, D.A. 2005. Prenatal and Postnatal Risks to Neurobiological Development in Internationally Adopted Children. (In Brodzinsky, D. ed. *Psychological Issues in Adoption: Research and Practice*. Praeger: Westport, CT. p. 47–65). <https://www.researchgate.net/publication/239938082> Date of access: 5 March 2017.

Harris, C. 2012. The Experiences of Adoptive Mothers: An Interpretative Phenomenological Analysis. East London, U.K. (Thesis - PhD).

Henwood, P.J. 2016. Adoption: parent's perceptions of facilitating factors and challenges in the development of their relationship with their baby. Cape Town: University of Cape Town. (Mini-dissertation – MA).

Holtzhausen, M. 2017. Kinderhofprosedures en Aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt., Sasolburg.

Hughes, D.A. 1999. Adopting children with attachment problems. *Child Welfare*, 78(5):541–560. <https://search.proquest.com/openview/fecf61dfb8598ab9cfea59dbab9ebd52/1?pq-origsite=gscholar&cbl=40853> Date of access: 1 March 2017.

Hutchinson, A.J. 2013. Social Work In Africa: Exploring Culturally Relevant Education and Practice in Ghana by Linda Kreitzer. *Social Work Education*, 32(2):278-282.

<http://dx.doi.org/10.1080/02615479.2012.743742> Date of access: 01 July 2018.

Kanes, I. 2016. A review of assessment protocols used in South African adoption practice. Potchefstroom: NWU. (Dissertation – MA).

Kerr, L. & Cossar, J. 2014. Attachment Interventions with Foster and Adoptive Parents: A Systematic Review. *Child Abuse Review*, 23(6):426–439.

<http://doi.wiley.com/10.1002/car.2313> Date of access: 8 Aug. 2017.

Krawitz, S. 2017. Kinderhofprosedures en Aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt., Johannesburg.

Lancaster, C., Ovrebo, E., & Zuckerman, S. 2017. Adoption counselors' perspectives of counseling postadoptive families. *Journal of Counseling and Development*, 95(4):412-422.

<http://doi.wiley.com/10.1002/jcad.12156> Date of access: 21 Sept. 2017.

Lesch, E., Deist, M., Booysen, L., & Edwards, E. 2013. South African social workers' knowledge of attachment theory and their perceptions of attachment relationships in foster care supervision. *Children and Youth Services Review*, 35(7):1101–1109.

<http://linkinghub.elsevier.com/retrieve/pii/S0190740913001485> Date of access: 2 Oct. 2017.

Levy, T.M. & Orlans, M. 2014. Attachment, trauma, and healing. Understanding and treating attachment disorder in children, families and adults. 2nd ed. Jessica Kingsley Publishers: London.

Lionetti, F. 2014. What promotes secure attachment in early adoption? The protective roles of infants' temperament and adoptive parents' attachment. *Attachment and Human Development*, 16(6):573-589. <http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/14616734.2014.959028> Date of access: 1 Mrt 2017.

Lionetti, F., Pastore, M., & Barone, L. 2015. Attachment in institutionalized children: A review and meta-analysis. *Child abuse & neglect*, 42:135–145.

<http://dx.doi.org/10.1016/j.chiabu.2015.02.013> Date of access: 22 May 2017.

Lombard, A. 2015. Internationalising Social Work Education. The South African Experience. *The Indian Journal of Social Work*, 76(1): Online Version.

[https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/56675/Lombard\\_Internationalising\\_2015.pdf?sequence=1](https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/56675/Lombard_Internationalising_2015.pdf?sequence=1) Date of access: 21 June 2018.

Malan, H. 2017. Aanneming [persoonlike onderhoud]. 3 Okt. 2017. Potchefstroom.

Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Kaapstad: Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk.

PAC-UK. 2018. Commissioned Training. <https://www.pac-uk.org/training/commissioned-training/> Date of access: 30 Sept. 2018.

Potgieter, R. 2004. Trauma and attachment – Training Manual. Date of access: 1 Oct. 2017. [PowerPoint presentation]. (Unpublished).

Rutgers School of Social Work. 2018. Certificate Program in Adoption <https://socialwork.rutgers.edu/academics/continuing-education/certificate-programs/certificate-program-adoption> Date of access: 23 Aug. 2018.

Siegel, D.H. 2010. Russian adoption – lessons for social workers. *Social Work Today*, 10(5). <http://www.socialworktoday.com/archive/092310p14.shtml> Date of access: 1 Oct. 2017.

Siegel, D.H. 2013. Adoption competency in clinical social work. *Social Work Today*, 13(6). <http://www.socialworktoday.com/archive/111113p16.shtml> Date of access: 2 Oct. 2017.

Sloth-Nielson, J. 2016. Adoption Conference 2016: Treaty body reporting. The Changing Face of Adoption, bi-annual Conference of NACSA. <http://www.adoptioncoalitionsa.org/wp-content/uploads/2016/11/Prof-Sloth-Nielsen.pdf> Date of access: 1 March 2017. [PowerPoint presentation].

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, standards and practice guidelines for the Children's Act. [http://www.dsd.gov.za/index2.php?option=com\\_docman&task=doc\\_view&gid=698&Itemid=39](http://www.dsd.gov.za/index2.php?option=com_docman&task=doc_view&gid=698&Itemid=39) Date of access: 6 Sept. 2017.

South Africa. Department of Social Development. 2013. Policy for Social Service Practitioners. <https://www.saaswipp.co.za/images/policyonsocialservice.pdf> Date of access: 28 June 2018.

South Africa. Department of Social Development. 2017. South Africa's Child Care and Protection Policy. NDS\_D\_CCP\_19\_DECEMBER 2017 [https://www.sacssp.co.za/NDS\\_D\\_CCP\\_19\\_DECEMBER.docx](https://www.sacssp.co.za/NDS_D_CCP_19_DECEMBER.docx) Date of access: 28 June 2018.

South Africa. Department of Social Development. 2018. Regulations relating to the registration of a specialization in adoption social work.

[https://www.saaswipp.co.za/SAASWIPP\\_Newsletter/ADOPTION\\_%20REGULATIONS.pdf](https://www.saaswipp.co.za/SAASWIPP_Newsletter/ADOPTION_%20REGULATIONS.pdf)

Date of access: 22 June 2018.

Suid-Afrika. 2005. Kinderwet 38 van 2005.

Suid-Afrika. 1978. Wet op Maatskaplike Diensberoep 110 van 1978.

State of Tennessee, Department of Children's Services. 2015. Adoption Best Practices Manual. Nashville: Tennessee.

[https://www.tn.gov/content/dam/tn/dcs/documents/adoption/Adoption\\_Best\\_Practices\\_Manual.pdf](https://www.tn.gov/content/dam/tn/dcs/documents/adoption/Adoption_Best_Practices_Manual.pdf) Date of access: 6 Aug. 2017.

The Evan B. Donaldson Adoption Institute. 2004. What's Working for Children: A Policy Study of Adoption Stability and Termination. [https://www.adoptioninstitute.org/wp-content/uploads/2013/12/Disruption\\_Report.pdf](https://www.adoptioninstitute.org/wp-content/uploads/2013/12/Disruption_Report.pdf) Date of access: 22 Jan. 2018.

Torres, N., Maia, J., Veríssimo, M., Fernandes, M., & Silva, F. 2012. Attachment security representations in institutionalized children and children living with their families: links to problem behaviour. *Clinical Psychology and Psychotherapy*, 19(1):25–36.

<http://doi.wiley.com/10.1002/cpp.739> Date of access: 3 Oct. 2017.

United Nations. 1989. Convention on the Rights of the Child.

<https://www.ohchr.org/Documents/ProfessionalInterest/crc.pdf> Date of access: 24 Sept. 2018.

Universities South Africa. 2018. Public Universities in South Africa.

<https://www.usaf.ac.za/public-universities-in-south-africa/> Date of access: 3 July 2018.

University of East Anglia. s.a. The Secure Base Model.

[http://www.uea.ac.uk/c/document\\_library/get\\_file?uuid=ef6b4faf-0987-4307-ba89-d00e8af4e675&groupId=33962](http://www.uea.ac.uk/c/document_library/get_file?uuid=ef6b4faf-0987-4307-ba89-d00e8af4e675&groupId=33962) Date of access: 12 June 2018.

Van den Dries, L., Juffer, F., Van IJzendoorn, M.H., & Bakermans-Kranenburg, M.J. 2009. Fostering security? A meta-analysis of attachment in adopted children. *Fostering security? A meta-analysis of attachment in adopted children Children and Youth Services Review*, 31(3):410–421. <http://dx.doi.org/10.1016/j.childyouth.2008.09.008> Date of access: 2 March 2017.

Van der Walt, D. 2018. Aanneming [persoonlike onderhoud]. 6 Jun., Pretoria.

Van IJzendoorn, M.H., Palacios, J., Sonuga-Barke, E.J.S., Gunnar, M.R., Vorria, P., McCall, R.B., Le Mare, L., Bakermans-Kranenburg, M.J., Dobrova-Krol, N.A., & Juffer, F. 2011.

Children in Institutional Care: Delayed Development and Resilience. Monographs of the Society for Research in Child Development, 76(4):8–30. <http://doi.wiley.com/10.1111/j.1540-5834.2011.00626.x> Date of access: 2 Oct. 2017.

Von Wielligh, N. 2014. 'n Verkennde studie van maatskaplikewerk-praktykopleiding vanuit die persepsies van praktykopleiers. Potchefstroom: Noordwes Universiteit (Verhandeling – MA).

Walker, J. 2008. The use of attachment theory in adoption and fostering. *Adoption and Fostering*, 32(1):49-57. <http://aaf.sagepub.com/lookup/doi/10.1177/030857590803200107> Date of access: 21 Apr. 2017.

Wette **kyk** Suid-Afrika.

Welsh, J.A., Viana, A.G., Petrill, S.A., & Mathias, M.D. 2007. Interventions for Internationally Adopted Children and Families: A Review of the Literature. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 24(3):285–311. <http://link.springer.com/10.1007/s10560-007-0085-x> Date of access: 25 Aug. 2017.

Wiley, M.O. 2017. Adoption Research, Practice, and Societal Trends: Ten Years of Progress. *American Psychologist*, 72(9): 985-995. <http://eds.a.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=8ee750cd-1801-45cc-9f37-78042bf1a100%40sessionmgr4007> Date of access: 22 Jan. 2018.

Wilkins, D. 2012. Disorganised attachment indicates child maltreatment: how is this link useful for child protection social workers? *Journal of Social Work Practice*, 26(1):15–30. <http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/02650533.2011.598228> Date of access: 2 Oct. 2017.

Wissink, I.B., Colonesi, C., Stams, G.J.J.M., Hovee, M., Asscher, J.J., Noom, M.J., Polderman, N., & Kellaert-Knol, M.G. 2016. Validity and Reliability of the Attachment Insecurity Screening Inventory (AISI) 2–5 Years. *Child Indicators Research*, 9(2):533–550. <http://dx.doi.org/10.1007/s12187-015-9322-6> Date of access: 6 Aug. 2017.

## AFDELING 3: NAVORSINGSARTIKEL

# **'n VLUGTIGE OORSIG VAN DIE INHOUD VAN OPLEIDINGS-PROGRAMME VIR MAATSKAPLIKE WERKERS WAT GEHEGTHEID IN AANNEMING BEVORDER**

## **ABSTRACT**

The adoption social worker, whether at an organisation or in private practice, is confronted with behavioural and emotional problems, related to attachment. Due to a lack of proper undergraduate training in terms of the attachment theory, the social worker is mostly not in a position to conduct evidence based assessments to address the roots of the problem. This rapid review of existing literature strives to provide an answer, through an exploratory study of the possible content of a training programme for social workers enhancing attachment in adoption.

## **INLEIDING**

'n Behoefte aan 'n moontlike opleidingsprogram vir aannemingsmaatskaplike werkers ontstaan na aanleiding van gehegheidsproblematiek wat deur die aanneemouers by aannemingsorganisasies en aannemingsmaatskaplike werkers in privaatpraktyk aangemeld word. Vanuit 'n voorlopige literatuuroorsig blyk dit dat daar nie in Suid-Afrika wetenskaplike navorsing oor hierdie onderwerp bestaan nie. 'n Vlughtige oorsig (rapid review) na die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, word onderneem ten einde te bepaal of die behoefte wel aan 'n opleidingsprogram bestaan en wat die komponente van sodanige opleidingsprogram behoort te wees.

## **PROBLEEMSTELLING**

Tot soveel as 20-28% van aannemings in die VSA word ontwig of misluk (Erickson, 2012:12; Jones & LaLiberte, 2010:4), waarvan gehegtheid as een van die grootste bydraende faktore gereken word (Erickson, 2012:45; Jones & LaLiberte, 2010:20). Suid-Afrikaanse statistiek oor mislukte aannemings kon nie verkry word nie. Aannemingsmaatskaplike werkers by aannemingsorganisasies (Chari, 2017; De Caires, 2017), sowel as in privaatpraktyk (Holtzhausen, 2017; Van der Walt, 2018) verbaliseer die nood van die aanneemouer, wanneer problematiek in terme van gehegtheid aangemeld word. Verskeie skrywers (Festinger, 2005:463; Lancaster, Ovrebo & Zuckerman, 2017:419; Siegel, 2013; Walker, 2008:56) bevestig die behoefte aan meer kennis van gehegtheid by aannemingsmaatskaplike werkers, wat nie altyd in staat is om die aanneemouer te begelei in terme van gehegheidsproblematiek nie, moontlik vanweë 'n gebrek aan kennis en opleiding. Die ondersteuning en begeleiding van die aanneemouer is een van die take van die aannemingsmaatskaplike werker. Aangesien die sukses van die aanneming deur gehegtheid en binding beïnvloed kan word, is kennis in terme van gehegtheid van uiterste belang vir die aannemingsmaatskaplike werker.

## **NAVORSINGSVRAAG**

Die voorlopige literatuuroorsig gee aanleiding tot die navorsingsvraag, wat met behulp van die SPIDER-raamwerk (Tabel 1.1) (Meinck & Spreckelsen, 2018) tot die volgende verfynding is: wat behoort die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers te wees om gehegtheid in aanneming te bevorder?



**Tabel 1.1: SPIDER-raamwerk**

<b>S</b>	<b>Sample – the population of interest</b> (Die populasie wat ’n belang in die studie het)	Aannemingsmaatskaplike werkers
<b>PI</b>	<b>Phenomenon of interest</b> (Fenomeen van belangstelling of ondersoekverskynsel)	Inhoud van opleidings-programme, aannemingsmaatskaplike werkers, gehegtheid, aanneming
<b>D</b>	<b>Design – study design</b> (Navorsingsontwerp)	Vlugtige oorsig van literatuur
<b>E</b>	<b>Evaluation – outcomes</b> (Evaluering – uitkomst)	Narratiewe inhoud en sintese van verkreë data
<b>R</b>	<b>Research Type – qualitative, quantitative/mixed-methods</b> (Tipe navorsing – kwalitatief, kwantitatief/gemengde-metode-benadering)	Kwalitatiewe navorsing

## NAVORSINGSBENADERING

’n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is in hierdie studie gevolg, met die basiese navorsingsdoelstelling om te verken (literatuuroorsig) en nie te beskryf of te verklaar nie, aldus Mouton (soos aangehaal in Engelbrecht, 2016:110). Alhoewel inhoudsanalise gedoen is deur die inhoud van dokumente te bestudeer (Engelbrecht, 2016:118), is tematiese analise (Engelbrecht, 2016:120) ook aangewend deur temas en subtemas te onderskei (Engelbrecht, 2016:121).

*Kwalitatiewe inhoudsanalise werk met tekstuele of visuele data deur dit te organiseer, op te breek in beheerbare eenhede, te sintetiseer deur patrone te ontdek, en uiteindelik te besluit wat belangrik is na aanleiding van die verskynsel en die navorsingsvraag wat ondersoek word. (Engelbrecht, 2016:118.)*

’n Vlugtige oorsig van literatuur is as navorsingsmetode aangewend.

## NAVORSINGSMETODE: ’n VLUGTIGE OORSIG

Die navorsingsmetode is die werkswyse van die navorser, waar die verband tussen die navorsingsvraag en die -antwoord deurentyd in gedagte gehou word, ten einde die antwoord in die navorsingsverslag te voorsien (Hartell & Bosman, 2016:35). ’n Sistematiese oorsig van literatuur, as navorsingsmetode, word reeds sedert die vroeë 1970’s in die geesteswetenskappe gedoen, maar het veral gedurende die 1990’s momentum begin toon (Dickson, Cherry & Boland, 2014:4; Moher *et al.*, 2010:183). “Rapid reviews have been described as falling ‘within the family’ of systematic reviews” aangesien die metodologie van so aard is dat dit ’n deursigtige, wetenskaplike metode bied wat steeds gedetailleerd is en dat die herhaalbaarheid deur ander, vooraf voorsien kan word (Langlois *et al.*, 2017:5). ’n Vlugtige oorsig bied die geleentheid tot spoediger antwoorde wanneer tydsbeperkings en oorwegings in vooroordeel teen mekaar opgeweeg word (Health Evaluation and Applied Research Development – HEARD, 2018; Khangura *et al.*, 2012:1; Virginia Commonwealth University – VCU, 2018). Verskeie skrywers (Crisp, 2015:284; Polisena *et al.*, 2015; Tricco, Antony & Straus, 2015) is die mening toegedaan dat daar nog nie ’n formele definisie vir ’n vlugtige oorsig bestaan nie, maar volgens Tricco *et al.* (2015) gebruik skrywers hoofsaaklik die definisie van Khangura *et al.* (2012): “Rapid reviews are a form of knowledge synthesis in which components of the systematic review process are simplified or omitted to produce

information in a timely manner”. ’n Vlugtige oorsig kan deur slegs een navorser uitgevoer word (Plüdderman *et al.*, 2018:202; Tricco *et al.*, 2015). ’n Vlugtige oorsig was in hierdie studie die mees aangewese metode ten einde ’n spoedige antwoord binne die tydsbestek vir die studie, op die navorsingsvraag te voorsien. Die fokus van hierdie studie was op opleidingsprogramme in gehegtheid vir aannemingsmaatskaplike werkers wat reeds in die veld van aanneming werk.

## LITERATUUROORSIG VIR DIE STUDIE

Aanneming is die geregtelike reëling waartydens die verantwoordelikhede en regte van die biologiese ouer van ’n kwesbare kind getermineer en permanent aan die aanneemouer toegeken word, gefasiliteer deur die aannemingsmaatskaplike werker se addisionele gespesialiseerde en in-diepte kennis, vaardigheid, en kundigheid. Aangesien aanneming ’n spesialiteitsveld in maatskaplike werk is, is verdere opleiding nie net noodsaaklik vir die maatskaplike werker wat gehegtheid in aanneming bevorder nie, maar ook verpligtend (Department of Social Development, 2018:3). Die regulasies met betrekking tot registrasie as ’n spesialis in aannemingsmaatskaplike werk, bepaal dat ’n toepaslike Meestersgraad, nagraadse Sertifikaat of Diploma in aannemingswerk, plus ’n spesifieke aantal jare toepaslike ervaring, afhangende van die spesifieke opleiding, nodig is ten einde as ’n spesialis in aannemingsmaatskaplike werk te registreer (Department of Social Development, 2017:8-9). Geen persoon of organisasie mag aannemingsdienste in Suid-Afrika lewer, indien nie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geakkrediteer nie (Department of Social Development, 2017:144). In die voorlopige *Accreditation Guidelines for Adoption Service Providers* (Department of Social Development, s.a.) word akkreditasie gedefinieer as “the process of granting recognition to adoption social workers in private practice and designated CPOs based on the specified criteria, to act on behalf of the Department in providing adoption services in accordance with section 251 and section 259 of the Act.” Akkreditasie word gereken as een van die kernaspekte in die sorg en beskerming van kinders (Department of Social Development, s.a.), ’n aspek waarsonder die aanneming van kwesbare kinders nie kan realiseer nie.

Binding word gedefinieer as die biologiese, genetiese en emosionele verbinding tussen moeder en baba gedurende swangerskap en geboorte, basies ’n biologiese proses (Bowlby, soos aangehaal deur Levy en Orlans, 2014:58). Gehegtheid is egter ’n emosionele proses en word ná geboorte aangeleer deur interaksie tussen die primêre versorgers en die kind, veral binne die eerste drie lewensjare (Levy & Orlans, 2014:58). Indien ’n nie-geborge gehegtheid binne die eerste drie lewensjare ontwikkel het, kan aandag in latere lewensjare deur middel van terapeutiese programme verleen word ten einde ’n geborge gehegtheid te ontwikkel (Levy & Orlans, 2014:19). Die globale tendens is tans dat die aanneming van babas die uitsondering is; “only very few healthy babies are available for adoption and national adoption now concerns mainly special needs children (older than six, with other sibling(s) also waiting, with physical or mental difficulties)” (Palacios & Amorós, 2006:925).

Die gehegtheidsteorie, soos deur Bowlby ontwikkel, bied ’n raamwerk van teorie en navorsing oor denkpatrone, gedrag en verhoudinge binne die uniekheid van elke mens (Fallowfield, 2009) wat ook die aanneming beïnvloed. Gehegtheid wat in die vroeë kinderjare ervaar word, bepaal alle toekomstige verhoudinge regdeur die lewe van die kind (Levy & Orlans, 2014:24). Suksesvolle verligting van ongemak en bevrediging van die baba se basiese behoeftes deur die versorger, lei tot die ontwikkeling van vertroue en ’n geborge gehegtheid by die baba (Levy & Orlans, 2014:61), wat as die positiewe interne werkingsmodel bekend staan (Levy & Orlans, 2014:34). Geborge gehegtheid, as voortvloeiende van die positiewe interne werkingsmodel, vorm die basis vir verdere eksplorاسie van die fisieke en maatskaplike omgewing van die kind (Wissink *et al.*, 2016:534). “From the age of four or five, children take their secure and insecure internal working models into

the new challenges of school” (Schofield & Beek, 2018:33). Schofield en Beek (2018:35) verduidelik verder dat selfs in die tienerjare en volwassenheid, gehegheidsverhoudinge vanuit die gesin van herkoms voortduur, maar nuwe gehegtheid ook in terme van vriendskappe en romantiese verhoudings gevorm word. Bowlby (soos aangehaal deur Fahlberg, 2012:21) bevind dat die kind met ’n geborge gehegtheid, homself en later die wêreld met selfvertroue sal benader.

Volgens Schofield en Beek (2018:38) ontwikkel ’n nie-geborge gehegtheid (vermydings- of ambivalente gehegtheid) of selfs ’n gedisorganiseerde gehegtheid (met gepaardgaande kontinuum van negatiewe gedrag) (Blakely & Dziadosz, 2015:285; Bruwer, 2016; Colonesi *et al.*, 2013:180; Levy & Orlans, 2014:149; Wissink *et al.*, 2016:534) indien daar nie aan die behoeftes van die kind voldoen word nie. Indien die aannemingsmaatskaplike werker nie oor voldoende kennis in terme van gehegtheid beskik nie, bestaan die moontlikheid dat problematiek in terme van gehegtheid nie herken kan word en die nodige ondersteuning nie aan die aanneemouer gebied kan word nie.

Wêreldwyd blyk dit egter dat opleiding in die gehegtheidsteorie op voorgraadse vlak te kort skiet en nie voldoende aandag geniet nie (Botes & Ryke, 2011:47; Carnes-Holt & Bratton, 2014:331; Lancaster *et al.*, 2017:421; Lesch *et al.*, 2013:1108; Siegel, 2013; Walker, 2008:15; Wilkins 2012:15). Hierdie gebrek aan opleiding in die gehegtheidsteorie, kan die verklaring bied waarom verskeie skrywers (Festinger, 2005:463; Lancaster *et al.*, 2017:419; Siegel, 2013; Walker, 2008:56) bevind dat maatskaplike werkers nie in staat is om die aanneemouer te begelei in terme van gehegheidsproblematiek nie. Daarom ontstaan die vraag wat die inhoud van opleidingsprogramme vir aannemingsmaatskaplike werkers behels. ’n Vlughtige oorsig is deur die navorser gedoen na die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder.

## SOEKE NA EN SELEKSIE VAN DOKUMENTE

Die populasie vir hierdie vlughtige oorsig was bronne wat oor opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, handel. In die lig van die beperkte tydsraamwerk van hierdie studie (King *et al.*, 2017:24), is die volgende uitsluitingskriteria toegepas: bronne wat wel die fenomeen van gehegtheid in aanneming aanspreek, maar nie die opleiding van die maatskaplike werker nie, is uitgesluit. Die volgende insluitingskriteria is toegepas:

- slegs dokumente in Afrikaans en Engels, aangesien die navorser nie ander tale magtig is nie;
- bronne gedateer vanaf Januarie 2000, ten einde die mees onlangse bronne te benut;
- wetenskaplike soekenjins waartoe die Noordwes Universiteit toegang het (Academic Search Premier; African Journals Online (AJOL); American Doctoral Dissertations; A-Z Publication Finder; Boloka: NWU Institutional Repository (NWU-IR); Business Insights: Essentials; Cochrane Database of Systematic Reviews; Directory of Open Access Journals; eBook Collection (EBSCOhost); EBSCOhost; Emerald Insight Journals; Expanded Academic ASAP; Google Scholar; Health Source – Consumer Edition; Journals@OVID; J-STAGE; JSTOR Journals; LexisNexis; Library Catalogue; Literary Reference Center; MasterFILE Premier; MEDLINE; HeinOnline; Microsoft Academic Research; MLA International Bibliography; OAIster; OAPEN Library; PLOS ONE; PsycARTICLES; PsycINFO; Research Starters; SA ePublications Service; Sabinet Online; SciELO; ScienceDirect; Scopus; Social Science Research Network; SocINDEX with Full Text).
- Die soektog vind plaas op 24 September 2018. Aangesien slegs ses wetenskaplike artikels in die soektog verkry is wat aan die kriteria vir die vlughtige oorsig voldoen het, is die

soektog uitgebrei na grys literatuur soos deur Meinck en Spreckelsen (2018) in hul opleiding aanbeveel, soos:


- nasionale en internasionale konferensie artikels,
- nasionale en internasionale webblaai en ander soekenjins soos
- Google, en
- Google Books.

Die strategie vir die soeke na dokumente is aan die hand van die volgende sleutelwoorde bepaal:

aanneming OR adoption AND gehegtheid\* AND attachment\* AND “adoption social worker” AND opleidingsprogram\* OR “adoption training program\*” OR “training of social worker\*” AND “attachment training” OR “attachment training program\*”

Titels en abstrakte van dokumente is aanvanklik deur die navorser aan die hand van sleutelwoorde sowel as die insluitings- en uitsluitingskriteria geselekteer (Plüdderman *et al.*, 2018:202). Daarna is die volledige tekste van dokumente deurgewerk en geselekteer aan die hand van dieselfde insluitings- en uitsluitingskriteria (Dickson *et al.*, 2014:11; Pilkington & Hockenhull, 2014:186). Rekordhouding van die proses realiseer waarvolgens dokumente in- of uitgesluit is (Okoli & Schabram, 2010).

Die soekproses na dokumente vir die vlugtige oorsig, word volgens die PRISMA-vloeiagram (Figuur 1.1) uiteengesit.



**Figuur 1.1: Bespreking van die aanwending van die PRISMA-vloeiagram vir seleksie van dokumente**

’n Totaal van 235 artikels is gevind, waarna een duplikaat artikel uitgeskakel is. Tydens die volgende stap is 54 dokumente op grond van titels en abstrakte geselekteer. Nadat die voltekste deurgegaan is, kon 21 dokumente geselekteer word wat aan die in- en uitsluitingskriteria voldoen het. Nadat die voltekste van dokumente vir temas deurgewerk is, kon slegs nege dokumente vir die vlugtige oorsig gebruik word. Twee wetenskaplike artikels (Dugmore & Cocker, 2008; Gallagher & Rycroft, 2014) wat aan die insluitingskriteria voldoen het, is tydens die soektog op 24 September 2018 verkry. Dugmore en Cocker (2008) is in die Verenigde State van Amerika gepubliseer en Gallagher en Rycroft (2014) in die Verenigde Koninkryk. Vier artikels (Hughes, 2007; Golding, 2007a; Golding, 2007b; Beek & Schofield, 2007) is op 24 September 2018 in ’n “Briefing Paper” (Golding, 2007) verkry, wat aan die insluitingskriteria voldoen het en in die Verenigde Koninkryk gepubliseer is.

In die verdere soektog na bronne is die volgende grys literatuur chronologies verkry. ’n Volledige opleidingsprogram (Abba, 2016) vanuit Suid-Afrika, is met ’n handsoektog verkry en in die vlugtige oorsig ingesluit aangesien dit aan die insluitingskriteria voldoen het. Toegang tot hierdie bron is reeds tydens bywoning van die opleidingsprogram gedurende 2017 verkry. Met ’n verdere handsoektog op 2 November 2018 is toegang tot ’n raamwerk vir ’n opleidingsprogram vir

aannemingsbevoegdheid verkry (National Adoption Competency Mental Health Training Initiative – NTI, 2018) en in die vlugtige oorsig ingesluit aangesien dit aan die insluitingskriteria voldoen het. Hierdie raamwerk is in die Verenigde State van Amerika gepubliseer. Deur middel van 'n handsoektog is toegang op 2 November 2018 tot 'n wetenskaplike artikel verkry (Atkinson & Riley, 2017) wat nie in die aanvanklike soektog gevind is nie. Aangesien dit aan die insluitingskriteria voldoen het, is dit by die vlugtige oorsig ingesluit. Hierdie wetenskaplike artikel is in die Verenigde State van Amerika gepubliseer. Die uiteensetting van die geselekteerde bronne kan in Bylae 1 gevind word.

## DATA-ONTTREKKING

Deur die gebruikmaking van 'n data-onttrekkingsvorm (Virginia Commonwealth University – VCU, 2018), is data vanuit die geselekteerde voltekstdokumente deur die navorser onttrek (Bylae 2), waarna dit vir kwaliteitsdoeleindes deur 'n ervare data-ontleder geverifieer is (Plüdderman *et al.*, 2018:202).

## KRITIESE ASSESSERING VAN INGESLOTE DOKUMENTE

Vir die navorser is dit noodsaaklik dat die navorsing betroubaar en van hoë kwaliteit moet wees en daarom is van 'n kritiese assessering gebruik gemaak. “Critical appraisal in the process of assessing the quality of study methods in order to determine if findings are trustworthy and meaningful” (Dobbins, 2017:16). Veral wanneer 'n kleiner aantal dokumente nagevors word, soos vir 'n vlugtige oorsig, word die aanwending van kritiese werkkaarte (instrumente) met groot vrug in die kwaliteitsassessering aangewend (VCU, 2018). Aangesien die resultaat van die studie deur die kwaliteit van die geselekteerde dokumente geaffekteer kan word, is die werkkaart van Young en Solomon (2009:83) vir hierdie studie in Afrikaans vertaal en aangepas (Tabel 1.3) en op al die dokumente wat in die vlugtige oorsig gebruik is, aangewend (Fouché, 2018).

**Tabel 1.2: Werkkaart vir gehalteversekering vir insluiting van dokumente**

	Wetenskaplike artikels	Grys literatuur	Ja	Nee	Onduidelik	Nie van toepassing nie
1	Is die navorsingsvraag relevant?	Is die onderwerp relevant?				
2	Watter tipe navorsingsvraag is gevra?	Watter tipe onderwerp is gedek?				
3	Voeg die navorsing enige nuwe inligting by?	Voeg die bron enige nuwe inligting by?				
4	Was die navorsingsontwerp toepaslik vir die navorsingsvraag?	Was die inhoud van die dokument toepaslik vir die titel?				
5	Het die navorsingsmetode die mees relevante bronne van vooroordeel aangespreek?	Het die inhoud van die dokument die mees relevante bronne van vooroordeel aangespreek?				
6	Is die navorsing volgens die oorspronklike protokol uitgevoer?	Is die inhoud van die dokument volgens die				

		oorspronlike doelwit bespreek?				
7	Verklaar die navorsing 'n vooropgestelde hipotese?	Verklaar die navorsing 'n vooropgestelde hipotese?				
8	Is die statistiese analise korrek uitgevoer?	Is daar verwys in die bron na enige statistiese analise?				
9	Regverdig die gevolgtrekkings die verkreë data?	Regverdig die gevolgtrekkings die verkreë data van die bron?				
10	Is enige konflik van belange genoem of aangespreek?	Is enige konflik van belange genoem of aangespreek?				
11	Dek die inhoud van die artikel die navorsingsvraag van hierdie vlugtige oorsig?	Dek die inhoud van die bron die navorsingsvraag van hierdie vlugtige oorsig?				

## SINTESE VAN DIE DATA

Die oorkoepelende doel van die sintese van die data is om tot 'n samevatting te kom rakende dit wat reeds oor die navorsingsvraag in bestaande literatuur bekend is (Dobbins, 2017:17). In die sintese van die data is die stappe gevolg soos deur Dobbins (2017:17) aanbeveel: (1) onttrekking van relevante inligting vanuit die ingeslote dokumente; (2) opsomming van die totale resultate vanuit die ingeslote dokumente; en (3) formulering van gevolgtrekkings. Hierdie stappe help om die antwoord op die navorsingsvraag te voorsien: "what does the research evidence say about the issue and what are the practice implications of the research?" (Dobbins, 2017:17). 'n Sintese van die onttrekte data is in tabel-formaat uiteengesit (Bylae 2), met 'n aanduiding van die temas wat geïdentifiseer is. Aangesien al die dokumente in Engels was, is die data-onttrekking in Engels gedoen, waarna die finale uiteensetting na Afrikaans vertaal is. Die navorser het die verkreë temas logies saam gegropeer volgens twee hoofemas en subtemas wat vervolgens bespreek sal word. Die volgende temas en subtemas is geïdentifiseer: Tema 1: Opleiding, met subtemas: gehegtheidsteorie, tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie, ontwikkelingsteorie, aannemingsbevoegdheid, integrasie van aannemingsbevoegdheid, die wetlike raamwerk van aanneming, nasionale en internasionale aanneming, en oueropleidingsprogram; Tema 2: Aanneming en Gehegtheid, met subtemas: aard van aanneming; aard van gehegtheid; dienslewering aan die biologiese ouers; voorbereiding van aanneemouers; kliniese komponente van aanneming; ontwikkeling in aanneming; aanneembaarheidsbepaling en voorbereiding van die kind; voorbereiding van die voornemende aanneemouers; en voorbereiding van die kind.

## BEVINDINGE

Ter inleiding kan genoem word dat volgens die navorser se kennis hierdie vlugtige oorsig 'n eerste in Suid-Afrika is in die navorsing van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder. Die fokus van hierdie navorsing val op maatskaplike werkers wat reeds die basiese opleiding ondergaan het ten einde as aannemingsmaatskaplike werkers te

akkrediteer. Aanbevole temas vir insluiting in 'n moontlike opleidingsprogram sal vervolgens bespreek word.

## **Tema 1: Opleiding**

Kennis van teorieë, soos die gehegtheidsteorie en ontwikkelingsteorieë, stel die aannemingsmaatskaplike werker in staat om die gedrag van die kind te begryp en “helped us to understand how children form secure attachments and the kind of parenting that makes children feel secure” (Beek & Schofield, 2007:10). Verdere opleiding in teorieë verhoog die kwaliteit en sodoende ook die professionaliteit van dienslewering deur die aannemingsmaatskaplike werker. Die tema van opleiding impliseer opleiding in die teoretiese aspekte van aanneming en gehegtheid, en omsluit opleiding in die volgende sub-temas: gehegtheidsteorie (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; Beek & Schofield, 2007; Golding, 2007a; Golding, 2007b; Hughes, 2007; NTI, 2018), tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie (Hughes, 2007), ontwikkelingsteorie (Atkinson & Riley, 2017; NTI, 2018), aannemingsbevoegdheid (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; NTI, 2018), integrasie van aannemingsbevoegdheid (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; Gallagher & Rycraft, 2014), die wetlike raamwerk van aanneming (Abba, 2016), nasionale en internasionale aanneming (Abba, 2016), en oueropleidingsprogram (Atkinson & Riley, 2017; Beek & Schofield, 2007; Golding, 2007a; Golding, 2007b; NTI, 2018).

### ***Subtema 1.1: Gehegtheidsteorie***

Die gehegtheidsteorie bied riglyne vir ontwikkelingsintervensies wat geborge gehegtheid fasiliteer vir die aangenome kind “who have seldom felt safe, who have difficulty relying on their foster and adoptive parents, and whose patterns of avoidance and control make traditional treatment and parenting interventions less likely to be effective” (Hughes, 2007:54). Die meeste kinders in pleeg- en aanneemgesinne het reeds in 'n mindere of meerdere mate trauma ervaar (Abba, 2016:58; Atkinson & Riley, 2017:237; Golding, 2007a:71; NTI, 2018).

*Attachment theory provides a framework for understanding how children learn about and develop relationships. The initial attachment relationships, within which children experience security and care, provide children with confidence in their care-eliciting ability and promote their exploration and learning in the world (Golding, 2007a:71).*

Volgens Beek en Schofield (2007:81) sowel as Golding (2007b:71) en NTI (2018) bied die gesin die vaste basis vir die kind met gehegheidsproblematiek en kan die aanwending van terapeutiese ouerskap en toepaslike gehegheidsgebaseerde ingrepe aangewend word in die herstel van negatiewe gedrag wat by die aangenome kind voorkom vanweë die gevolge van trauma en gehegheidsproblematiek (Atkinson & Riley, 2017:237). Beek en Schofield (2007:81) sowel as Golding (2007b:75) en Hughes (2007:55) ontwikkel ouerskapsopleidingsprogramme gebaseer op die gehegtheidsteorie.

### ***Subtema 1.2: Tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie***

As voortvloeiende vanuit die gehegtheidsteorie, speel die tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie (dyadic developmental psychotherapy), volgens Hughes (2007:55), 'n kardinale rol in die behandeling binne gesinsopset van mishandelde en verwaarloosde kinders in aanneming. Volgens Hughes (2007:55) is die tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie 'n behandelingsmodaliteit, gebaseer op die beginsels van die gehegtheidsteorie. “It has been developed over the past 15 years through the treatment of many abused and neglected foster and adopted children, and more recently



in the general family treatment” (Hughes, 2007:56). Daarom kan dit nie anders dat die aannemingsmaatskaplike werker ook in die tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie opgelei moet word nie. Hierdie is van die komponente wat na vore gekom het binne die tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie en dit word aanbeveel vir die opleidingsprogram van aannemingsmaatskaplike werker in gehegtheid: (1) die fokus is sover as moontlik gesinsgesentreerd, waar die doelwit van die terapie gehegtheid tussen die ouers en die kind bevorder; (2) ’n algemene houding van behandeling word gehandhaaf, wat “playfulness, acceptance, curiosity and empathy” insluit (Hughes, 2007:56); (3) die terapeut volg die leiding van die kind en neem slegs leiding wanneer die kind spesifieke temas doelbewus vermy; (4) die behandeling fokus op intersubjektiewe ervarings wat gekenmerk word deur “joint affect, attention, and intentions” (Hughes, 2007:57); (5) aangesien die behandeling intersubjektief is, het dit ’n effek op die gesin sowel as die terapeut; (6) behandelingsdoelwitte omsluit die ontwikkeling en integrasie van beide affektiewe sowel as reflektiewe moontlikhede; (7) oerlike aanbevelings is in ooreenstemming met die hier-en-nou-proses van die terapie. Opleiding is dus noodsaaklik vir die aannemingsmaatskaplike werker ten einde die aanneemouers en die betrokke kind te kan begelei tot ’n geborge gehegtheid. Die ontwikkeling van hierdie geborge gehegtheid en die ontwikkelings-teorie kan nie van mekaar geskei word nie.

### ***Subtema 1.3: Ontwikkelingsteorie***

Aangesien gehegtheid en die ontwikkeling van die brein nie van mekaar geskei kan word nie (NTI, 2018), is dit noodsaaklik dat die aannemingsmaatskaplike werker met kennis en begrip bemagtig moet word, ten einde ’n oorsig van brein neuronbiologie te verkry. Dit is nodig om die impak te verstaan wat traumatiese ervarings op kinders kan hê, wat verder hulle fisiese, emosionele, kognitiewe, en maatskaplike ontwikkeling beïnvloed (Atkinson & Riley, 2017:237; NTI, 2018). Hierdie invloed reflekteer in die gedrag van die kind, waarmee die aannemingsmaatskaplike werker gekonfronteer word. Kliniese ingrype is dikwels nodig om nie net die gehegtheid met die aanneemouers tydens die tienerjare te versterk nie, maar dra by tot die identiteitsontwikkeling van die aangenome kind (Atkinson & Riley, 2017:237; NTI, 2018).

Brodzinsky (soos aangehaal deur Atkinson & Riley, 2017:235) bevestig dat voorgraadse opleiding van maatskaplike werkers nie noodwendig die nodige inligting bevat om die aannemingsmaatskaplike werker toe te rus om die beste kwaliteit aannemingsdienste te kan lewer nie. Indien die aannemingsmaatskaplike werker nie oor die nodige kennis in terme van die ontwikkelings-teorie beskik nie, sal hulle nie in staat wees om die nodige positiewe aandag aan die geestesgesondheidsbehoefte in terme van gehegtheid van die aangenome kind te kan verleen nie (NTI, 2018). Kennis en bemagtiging deur middel van opleiding is dus noodsaaklik om ’n toepaslike kliniese assessering te kan doen ten einde ’n bewysgebaseerde intervensie te kan toepas (Atkinson & Riley, 2017:237) en die geborge gehegtheid van die kind met die aanneemouers te versterk.

### ***Subtema 1.4: Aannemingsbevoegdheid***

Aannemingsbevoegdheid word gereken as die bevoegdheid of vereiste waaraan die maatskaplike werker moet voldoen, alvorens aannemings onderneem mag word (Gallagher & Rycraft, 2014:254). Bevoegdheid impliseer dat ’n sekere prosedure deurloop moet word of vereistes waaraan voldoen moet word. In Suid-Afrika is akkreditasie nodig ten einde aannemingsbevoegdheid te verkry (Abba, 2016:18). Indien die aannemingsmaatskaplike werker nie voldoende opleiding ondergaan het nie, sal hulle nie in staat wees om in die beste belang van die kind op te tree nie. Daarom vorm die praktiese toepassing van aangeleerde vaardighede deel van die opleiding in aannemingsbevoegdheid en behoort integrasie van kennis en die toepassing daarvan in die praktyk deur kenners gemonitor te word (Atkinson & Riley, 2017:237), en ontlonting behoort deur kenners

te realiseer (Atkinson & Riley, 2017:237). Die waarde van 'n praktiese komponent in 'n opleidingsprogram mag nooit onderskat word nie. Aangesien aannemingsbevoegdheid uit waardes, kennis, en vaardighede bestaan wat met verdere opleiding opgedoen word (Gallagher & Rycraft, 2014:257) sal die opgeleide en bevoegde aannemingsmaatskaplike werker kan onderskei watter kinders baat sal vind by gehegtheidsterapie en toegerus wees om hierdie terapie te kan verskaf (Atkinson & Riley, 2017:239). Die nodige opleiding sal dus die kwaliteit van dienslewering deur die aannemingsmaatskaplike werker verhoog (Atkinson & Riley, 2017:239; Gallagher & Rycraft, 2014:255).

'n Verdere aspek van aannemingsbevoegdheid behels opleiding in die statutêre prosesse van aanneming en dienslewering aan die lede van die aannemingsdrietal – biologiese ouer, kind en aanneemouer (Abba, 2016:30; Atkinson & Riley, 2017:236; Gallagher & Rycraft, 2014:255). Die integrasie van die aannemingsbevoegdheid kom ter sprake wanneer die aannemingsmaatskaplike werker opleiding ondergaan in die wetlike vereistes vir aanneming en dit professioneel uitvoer (Atkinson & Riley, 2017:236; Gallagher & Rycraft, 2014:273). In die professionele uitvoering van take is sekere kliniese komponente van aanneming van belang.

### ***Subtema 1.5: Integrasie van aannemingsbevoegdheid***

By die integrasie van die aannemingsbevoegdheid gaan dit hoofsaaklik oor die praktiese komponent van hoe aangeleerde kennis in die praktyk toegepas word (Atkinson & Riley, 2017:236). Alhoewel Gallagher en Rycraft (2014:262) veral klem plaas op die opleiding in die korrekte gebruik van aannemingsterminologie, is die korrekte gebruik van gehegheids-terminologie net so belangrik vir die aannemingsmaatskaplike werker. Een van die grootste vrese van die aanneemouer is dat die kind nie 'n geborge gehegtheid met hom/haar sal ontwikkel nie (Abba, 2016:100). Die feit dat daar 'n wesentlike verskil tussen binding en gehegtheid is, soos tereg deur Levy en Orlans (2014:58) beklemtoon, is nie altyd duidelik vanuit die terminologie soos deur aannemingsmaatskaplike werkers vanuit die praktyk gebruik nie. Abba (2016:100) gebruik die voorbeeld van die bou van twee brûe, een van tou en een van staal, om die verskil tussen binding en gehegtheid uit te beeld:

*If you invest in your child by 'catching up' on the time he was not with you and you can take him back to the first developmental milestone, TRUST, you build a bridge that will be strong enough to face the challenges (Abba, 2016:100).*

Ongeag die geskiedenis van die kind, bied responsiewe ouerskap die geleentheid tot die vestiging van gehegtheid met die aangenome kind (Abba, 2016:101) en verwys na tegnieke wat aangeleer kan word ten einde 'n geborge gehegtheid te verseker. Net so bied opleiding die geleentheid aan die aannemingsmaatskaplike werker om die vaardighede wat in die teorie van gehegtheid aangeleer is, in te oefen en in die aannemingspraktyk te gaan toepas (Gallagher & Rycraft, 2014:257) tot voordeel van die aangenome kind en hul ouers.

### ***Subtema 1.6: Die wetlike raamwerk van aanneming***

Aanneming word deur die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) gereël en dit is 'n wetlike proses waarin verskeie rolspelers betrokke is, soos aannemingsmaatskaplike werkers, polisie-offisiere, voorsittende beamptes, ander professionele persone, en staatsdepartemente (Abba, 2016:15). Aanneming is een van die statutêre dienste wat aan hierdie kwesbare kinders, wat permanente toesig en sorg benodig, gelewer word (Abba, 2016:15). Daar kan nie met gehegtheid begin word alvorens die wetlike aspekte nie in plek is nie.

Abba (2016:25) bepaal dat die *Practice Guidelines on National Adoption*, sowel as die *Practice Guidelines on Inter-country Adoption* van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die praktiese aspekte van aanneming bepaal, naas die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) met gepaardgaande regulasies. Die aannemingsmaatskaplike werker moet deeglik in al hierdie aspekte opgelei word, ten einde wetlik korrek op te tree.

Abba (2016:125) som die noodsaaklikheid van kennis van die wetlike finaliseringsprosedure en administrasie soos volg op: “there are also different steps and efforts that the adoption social worker must follow when facilitating an adoption.” Verder moet die aannemingsmaatskaplike werker opgelei word in die wetlike finaliseringsprosedure en kennis dra van die administrasie deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling soos deur Abba (2016:125) gestel:

*Once the letter by the Provincial Head of Social Development recommending the adoption of a child has been issued, an adoption social worker must then proceed to the children’s court for the finalisation of the adoption and issuing of the Adoption Order by the Presiding Officer (Abba, 2016:125).*

### ***Subtema 1.7: Nasionale en internasionale aanneming***

Volgens die *Practice Guidelines on National Adoption* (Department of Social Development, s.a.:6) is nasionale aanneming die “adoption of a child by a person/s habitually residing within the same country where the child is habitually resident (RSA)”.

Alhoewel dit slegs aannemingsmaatskaplike werkers in aannemingsorganisasie is wat met internasionale aanneming werk, is kennis van die proses tog noodsaaklik vir die aannemingsmaatskaplike werker (Abba, 2016:137). Dit is tog die taak van enige aannemingsmaatskaplike werker om te bepaal of die kind geskik is vir aanneming, veral waar dit die potensiaal tot ’n geborge gehegtheid van die kind raak (Abba, 2016:137).

### ***Subtema 1.8: Oueropleidingsprogram***

Oueropleiding word as een van die mees suksesvolle intervensies gesien waar ouers na kinders met gedragprobleme moet omsien (Golding, 2007a:73). Die wanpersepsie dat die soeke na hulp as ’n teken van sterkte gesien moet word en nie as ’n teken van swakheid nie, moet baie duidelik in oueropleidingsprogramme bemark word (NTI, 2018). Verder bevestig NTI (2018) dat gesinne tydens nasorgdienste bemagtig moet word om ’n vaste basis en veilige hawe vir die aangenome kind te wees. Sodoende kan gesin- en persoonlike stabiliteit gevestig en uitgebrei word en kan die aangenome kind verder bemagtig word tot gesonde selfbeeldontwikkeling.

Beide Beek en Schofield (2007:80), sowel as Golding (2007b:76) ontwerp opleidingsprogramme vir professionele persone en/of ouers wat kinders met gedragsprobleme moet versorg, met die gehegtheidsteorie as grondslag. Beide hierdie programme word met groot sukses deur aannemingsmaatskaplike werkers vir pleeg- en aanneemouers aangebied en daarom moet aannemingsmaatskaplike werkers hiervan kennis dra sodat die programme geïmplimenter kan word. Die waarde van opleidingsprogramme vir ouers word saamgevat wanneer Module 9 van Atkinson en Riley (2017:237) se program fokus op die ontwikkeling vir begrip vir kinders met gedragsprobleme, wat vanweë vroeëre blootstelling aan trauma en ontwrigting in gehegheidsontwikkeling, op terapeutiese ouerskap en toepaslike gehegheidsgebaseerde terapieë aangewese is.

Vervolgens sal aandag aan die tweede tema, naamlik aanneming en gehegtheid verleen word.

## Tema 2: Aanneming en gehegtheid


Die tema van aanneming en gehegtheid omsluit die volgende subtemas: aard van aanneming (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; Gallagher & Rycraft, 2014), aard van gehegtheid (Beek & Schofield, 2007), dienslewering aan die biologiese ouers (Abba, 2016, Atkinson & Riley, 2017; NTI, 2018), voorbereiding van aanneemouers (Abba, 2016), kliniese komponente van aanneming (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; Dugmore & Cocker, 2008; Golding, 2007a; NTI, 2018), verwickelinge in aanneming (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017), aanneembaarheidsbepaling van die kind (Abba, 2016), voorbereiding van die voornemende aanneemouers (Abba, 2016; Atkinson & Riley, 2017; NTI, 2018), en voorbereiding van die kind (Abba, 2016).

### Subtema 2.1: Aard van aanneming

Waar daar in die verlede sterk klem geplaas is op sekere eienskappe waaraan die aanneemouers moet voldoen, berig meer onlangse navorsing dat die volgende twee vereistes van kardinale belang is: (a) liefde en onvoorwaardelike toewyding; en (b) emosionele volwassenheid en die bereidheid om as mens te leer, groei en ontwikkel as persoon deur die proses van aanneming (Abba, 2016:91). Die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2005) en die *National Adoption Strategy* ondersteun die standpunt dat aanneming die beste alternatief in terme van alternatiewe sorg, veral gesien in die lig van die hoë aantal kinders wat permanente sorg en beskerming benodig (Abba, 2016:6). Indien meer professies aan die opleiding in aanneming blootgestel word, kan dit nie net die voorkoms van aannemings verhoog nie, maar ook kwaliteit dienslewering verseker (Gallagher & Rycraft, 2014:255).

### Subtema 2.2: Aard van gehegtheid

Die kernkonsepte van die gehegtheidsteorie word deur Beek en Schofield (2007:81) in hulle ouerskapskursus saamgevat wanneer hulle dit soos in Figuur 1.2 illustreer.



Figuur 1.2: Die kernkonsepte van die gehegtheidsteorie

Elke dimensie van ouerskap is verbind met 'n ontwikkelingsvoordeel vir die kind. Om beskikbaar te wees, help kinders om te vertrou. Wanneer sensitief op die behoeftes van kinders gereageer word, help hulle om hulle emosies en gedrag te beheer. Wanneer kinders aanvaar word, stel dit hulle in staat om hulle selfbeeld te bou en te bevorder. Samewerkende versorging help kinders om effektief te voel. Die bevordering van gesinslidmaatskap help kinders om te behoort (Beek & Schofield, 2007:81).

### ***Subtema 2.3: Dienslewering aan die biologiese ouers***

'n Swangerskap “becomes a crisis when the woman perceives the pregnancy to be a threat to her emotional and physical well-being. It is perceived as a threat because of the people in her life, the circumstances that exist, and the pressures that bear down upon her” (Abba, 2016:34). Die ervaring van die swangerskap, deur die biologiese moeder, word aan die ongebore baba oorgedra, asook die ervaring van verlies, wat van geslag tot geslag oorgedra word (NTI, 2018). Dit bring mee dat die bindingsproses by die ongebore kind tydens swangerskap 'n bepalende rol in die potensiaal tot gehegtheid ná geboorte speel (NTI, 2018). Die aannemingsmaatskaplike werker is die professionele persoon wat nie net die moeder tydens haar swangerskap begelei nie, maar dit is van kardinale belang dat die biologiese vader gedurende hierdie proses betrek word, sodat hy ook, tesame met die biologiese moeder, begelei word ten einde 'n ingeligte besluit rakende die toekoms van die ongebore kind te neem (Abba, 2016:43). Beide die biologiese ouers gaan deur 'n proses van verlies, hulpeloosheid, skuld, rou, woede, en hoop (Abba, 2016:30), en kan die dienslewering van die aannemingsmaatskaplike werker benodig, veral tydens die 60-dae periode waartydens die toestemming tot aanneming teruggetrek kan word (Abba, 2016:43). Alhoewel dienslewering aan die biologiese ouers intensief gelewer word (Abba, 2016:43), is die aannemingsmaatskaplike werker ook besig met voorbereiding en opleiding van die aanneemouers.

### ***Subtema 2.4: Voorbereiding van aanneemouers***

Aspekte wat tydens die oriëntering oorsigtelik behandel is, word tydens die opleiding en voorbereiding in meer diepte aangespreek (Abba, 2016:90): (a) motivering vir die aansoek tot aanneming; (b) die aannemingsdriehoek – die biologiese ouers, die kind en die aanneemouers; (c) “nature versus nurture” – die verskil tussen die rolle van genetica en die invloed van die omgewing; (d) vertelling van die aannemingsverhaal; (e) binding en gehegtheid; (f) ras en kultuur in aanneming; en (g) die realiteit van die aannemingsproses. Weereens kom die aspekte van binding en gehegtheid ter sprake.

### ***Subtema 2.5: Kliniese komponente van aanneming***

Verskeie kliniese komponente is van belang vir 'n opleidingsprogram vir aannemingsmaatskaplike werkers, waaraan vervolgens aandag verleen sal word.

#### ***Vooroordele ten opsigte van ras en kulturele tradisies***

Die aannemingsmaatskaplike werker moet bewus wees van hul eie vooroordele ten opsigte van ras en kulturele tradisies alvorens leiding aan die voornemende aanneemouers gebied kan word (Abba, 2016:85; NTI, 2018). Anneemouers, sowel as die uitgebreide familie, verwerf houdings, vaardighede en kennis wat hulle in staat stel om hul kinders te help om 'n positiewe residentiteit aan te leer. Daarom beveel Abba (2016:85) aan dat onderhoude ook met die uitgebreide familie gelede gevoer behoort te word, aangesien dit volgens die navorser, direk verband hou met die gesins- en familieverhoudinge en die gehegtheid wat tussen die kind en die aanneemouers gevorm word. Kennis van ander kulture behoort in opleidingsprogramme aangespreek te word, ten einde die

aannemingsmaatskaplike werker tot insig te begelei alvorens 'n diens aan die aanneemouers verskaf kan word.

### ***Impak van trauma***

'n Verdere kliniese komponent wat in opleiding aangespreek behoort te word, is die feit dat feitlik al die kinders wat vir aanneming beskikbaar is, aan die trauma van rou, verlies, en skeiding blootgestel is (Atkinson & Riley, 2017:237; Golding, 2007a:71; NTI, 2018). Breedvoerige kennis van die impak van trauma is noodsaaklik ten einde die gedrag van die kind te verstaan. Trauma kan 'n effek hê op die fisiese, emosionele, kognitiewe en maatskaplike ontwikkeling van die kind (Atkinson & Riley, 2017:237; NTI, 2018) wat volgens die navorser in direkte verband staan met die potensiaal tot gehegheidsvorming van die aangenome kind. Atkinson en Riley (2017:237), sowel as NTI (2018) bevestig die direkte verband tussen trauma en gehegtheid, asook die kernkomponente van effektiewe gehegheidsgebaseerde terapie, as onderdeel van terapeutiese ouerskap. Opleiding van die aannemingsmaatskaplike werker is noodsaaklik ten einde die aangenome kind sowel as die aanneemouër in terme van trauma te kan begelei (NTI, 2018).

### ***Persone met lesbiese, gay, biseksuele, en transgender oriëntasie***

Alhoewel dit nie direk met gehegtheid verband hou nie, ervaar Dugmore en Cocker (2008:166) in hul opleidingsprogram dat maatskaplike werkers, net soos ander groepe in die gemeenskap, veroordelend is teenoor persone met lesbiese, gay, biseksuele, en transgender oriëntasie. Die houding van die aannemingsmaatskaplike werker mag 'n negatiewe effek op die andersoortige seksueel georiënteerde aanneemouër hê, wat 'n onsekerheid ten opsigte van die vestiging van 'n geborge gehegtheid met die aangenome kind tot gevolg kan hê. Tog behoort die beste belange van die kind voorop gestel te word (Atkinson & Riley, 2017:237; Dugmore & Cocker, 2008:163). Alhoewel nog baie navorsing op hierdie terrein gedoen behoort te word (Abba, 2016:88; Dugmore & Cocker, 2008:162), ervaar Dugmore en Cocker (2008:162) dat hulle opleidingsprogram 'n bewustheid by maatskaplike werkers bewerkstellig het, asook hoe meerdere kennisverandering in houdings en vooroordele bewerkstellig het (Dugmore & Cocker, 2008:165). Daarom behoort hierdie komponent in 'n opleidingsprogram vir aannemingsmaatskaplike werkers ingesluit te word (Atkinson & Riley, 2017:237), veral vanweë die unieke uitdagings wat hierdie situasie steeds in die huidige Suid-Afrika bied (Abba, 2016:88).

### ***Infertiliteit***

Indien infertiliteit nog nie by die voornemende aanneemouers verwerk is nie, moet dit aangespreek en uitgeklaar word, anders kan dit volgens die navorser 'n negatiewe effek op die vorming van 'n geborge gehegtheid met die aangenome kind tot gevolg hê. Navorsing toon dat diegene wat nog nie hulle eie verlies in terme van infertiliteit aanvaar het nie, nie gereed is om die verliese wat 'n aangenome kind ervaar het, te hanteer nie, aldus Abba (2016:79), en dit in die pad van gehegheidsvorming kan staan. Aangesien die aspek van infertiliteit van kultuur tot kultuur verskil, moet dit daarvolgens aangespreek word. In sekere kulture is infertiliteit steeds 'n onderwerp wat nie sommer in die openbaar bespreek word nie (Abba, 2016:79). Hierdie feite beklemtoon die noodsaaklikheid van insluiting van die komponent van infertiliteit in 'n opleidingsprogram vir aannemingsmaatskaplike werkers.

### ***Mites ten opsigte van aanneming***

Voortvloeiend uit die emosionele hantering van infertiliteit, is die voorkoms en effek van mites ten opsigte van aanneming (Abba, 2016:79). Volgens Abba (2016:80) bestaan etlike mites in die

gemeenskap, wat in 'n opleidingsprogram vir aannemingsmaatskaplike werkers uitgelig behoort te word, sodat ingeligte gesprekke met die voornemende aanneemouers in voorbereiding kan realiseer.

### ***Subtema 2.6: Verwikkelinge in aanneming***

Verwikkelinge in die arena van aannemings, verwys hoofsaaklik na die uitdagings waarmee aanneming tans in Suid-Afrika gekonfronteer word. In die lig van die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika, was die aannemingsmodel gebaseer op die ontwikkeling in die Westerse wêreld, in die besonder Groot Brittanje en die VSA (Gerrand & Nathane-Tautela, 2015:56). Hierdie model is nie noodwendig vir alle volke in Suid-Afrika gebruikersvriendelik of aanvaarbaar nie (Gerrand & Nathane-Tautela, 2015:55) – 'n aspek wat tot menige struikelblokke van die aannemingstoneel in Suid-Afrika bydra. Vanweë 'n gebrek aan kennis deur beide die Westerse en Afrika-kulture, bestaan wanopvattinge, wat vertrouwe verder strem (Abba, 2016:9) en kan die mites die vorming van gehegtheid in die aannemingsproses beïnvloed.

Bewusmakingsveldtogte, soos “Adoption” en “Choose to care – unplanned crisis pregnancy awareness campaign” deur die *National Adoption Coalition of South Africa* (NACSA), sowel as verspreiding van inligting soos op NACSA se webblad, dra by tot die bemagtiging van die gemeenskap met kennis rakende aanneming en gepaardgaande ontwikkeling van 'n geborge gehegtheid vir die kind wat permanente sorg en toesig benodig, inhou (Abba, 2016:11).

### ***Subtema 2.7: Aanneembaarheidsbepaling en voorbereiding van die kind***

Aangesien die aanneembaarheidsbepaling van die kind 'n wetlike prosedure is, behoort dit in 'n opleidingsprogram aandag te geniet (Abba, 2016:58). Volgens Abba (2016:58) sal nie alle kinders baat vind by aanneming nie, soos onder andere kinders wat aan erge trauma blootgestel was. Daarom behoort die aannemingsmaatskaplike werker kennis te hê van watter kinders wel baat sal vind by aanneming (Abba, 2016:51). Aangesien ouers vir 'n kind gevind moet word en nie 'n kind vir ouers nie (Abba, 2016: 28), bly dit steeds 'n uitdaging om geskikte ouers vir kinders met spesiale mediese en emosionele behoeftes binne Suid-Afrika te vind. Volgens die Haagse Konvensie van 1993 is dit juis hierdie kinders wat baat kan vind by internasionale aanneming (Abba, 2016:58). Weereens behoort die aannemingsmaatskaplike werker die potensiaal tot 'n vorming van 'n geborge gehegtheid in aanmerking te neem by die passing en plasing van sodanige kinders. Dit moet steeds in die kind se beste belang wees om aangeneem te word. Verder beveel Abba (2016:58) aan dat kinders eers in 'n plek van tydelike veilige sorg opgeneem word, tot en met die kind ten volle aanneembaar verklaar is. Dit sluit in die 60 dae wat die biologiese ouers geleentheid kry om hul toestemming tot aanneming, met goeie motivering, terug te trek, asook die 30 dae wat die kind se naam op die register vir aanneembare kinders en voornemende aanneemouers (RACAP) geplaas word vir 'n nasionale aanneming en 60 dae vir 'n internasionale aanneming (Abba, 2016:62). Beide hierdie twee tydperke veroorsaak dat die kind al hoe ouer word, alvorens hulle by die voornemende aanneemouers geplaas word, wat weer 'n negatiewe effek op die vorming van 'n geborge gehegtheid het. Hoe vroeër die kind geplaas kan word, hoe beter is die geleentheid tot 'n geborge gehegtheid. Alternatiewelik moet terapeutiese insette plaasvind ten einde die ouer en kind tot 'n geborge gehegtheid te begelei.

### ***Subtema 2.8: Voorbereiding van die voornemende aanneemouer***

Aspekte wat tydens die oriëntering oorsigtelik behandel is, word tydens die voorbereiding en opleiding in meer diepte aangespreek (Abba, 2016:90; Atkinson & Riley, 2017:237). Tydens die voorbereiding van die voornemende aanneemouer, behoort die aannemingsmaatskaplike werker

aandag te verleen aan die motivering vir die aanneming, asook die verskil tussen “nature versus nurture” (Abba, 2016:95) wat die verskil aandui tussen die rolle van genetika teenoor dié van die omgewing in die ontwikkeling van die aangenome kind. Die noodsaaklikheid van balans behoort in ’n opleidingsprogram duidelik aangedui te word ten einde misverstande uit die weg te ruim.

Die wyse waarop die aannemingsverhaal aan die kind oorgedra word, behoort volgens Abba (2016:96) aandag te geniet. Dit is van kardinale belang dat die kind so spoedig moontlik sy lewensverhaal moet hoor (Abba, 2016:97; Atkinson & Riley, 2017:237; NTI, 2018). Dit kan baie traumaties vir die kind wees indien die inligting op ’n latere stadium bekend gemaak word, of selfs op ’n onbeplande wyse aan die lig kom. Volgens die navorser kan dit ’n permanente effek op die verhouding en dus ook die gehalte van gehegtheid tussen ouer en kind uitoefen. Weereens beveel Abba (2016:99) baie praktiese riglyne aan wat in ’n opleidingsprogram uitgelig kan word, hoe hierdie verhaal aan die kind oorgedra kan word, ten einde by te dra tot die ontwikkeling van ’n geborge gehegtheid tussen ouer en kind. Uit die aard van die saak speel die aanneemouers se gesindheid teenoor die vestiging van ’n geborge gehegtheid met veral die ouer kind, hier ’n rol (Abba, 2016:103). Veral wanneer die kind reeds ’n geruime tyd in alternatiewe sorg, dikwels ’n kinder- en jeugsorgsentrum verkeer het, sal die kind getraumatiseer wees en probleme ten opsigte van gehegtheid toon, wat weer sy eiesoortige eise aan die aanneemouer stel. Dit bly steeds die taak van die aannemingsmaatskaplike werker om die voornemende aanneemouer voldoende voor te berei vir die uitdagings wat die aanneming van ’n ouer kind kan stel (Abba, 2016:103).

### ***Subtema 2.9: Voorbereiding van die kind***

Aspekte wat in die voorbereiding van die kind vir aanneming deur die aannemingsmaatskaplike werker in aanmerking geneem moet word, is die blootstelling aan trauma en plasinge, die emosionele behoeftes en agtergrond van die kind, en die potensiaal om ’n gehegtheid met die voornemende aanneemouers te vestig (Abba, 2016:118). Indien dit nie reeds in terapie aangespreek is nie, is dit nou die geleentheid om aandag daaraan te verleen. Net soos die kind die reg het om in ’n gesin groot te word, het die kind ook die reg dat hulle beste belange in aanmerking geneem sal word tydens passing en daarmee saam, die voorbereiding vir die plasing in die nuwe familie (Abba, 2016:115).

Die doel van die vlugtige oorsig van die literatuur was om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: wat behoort die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers te wees wat gehegtheid in aanneming bevorder? Uit hierdie studie blyk dit dat hierdie vraag na wense beantwoord is.

## **BESPREKING**

’n Behoefte na navorsing met betrekking tot die inhoud van opleidingsprogramme vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, ontstaan vanuit die praktyk en word bevestig vanuit ’n voorlopige literatuuroorsig. ’n Vlugtige oorsig (HEARD, 2018; Khangura *et al.*, 2012:1; VCU, 2018) ten opsigte van bestaande wetenskaplike literatuur word uitgevoer as kwalitatiewe navorsing (Engelbrecht, 2016:110). Twee kerntemas kom na vore, naamlik opleiding, en aanneming en gehegtheid, elk met verskeie subtemas.

Ten opsigte van die eerste tema, opleiding – kom die volgende subtemas na vore: ’n gebrek aan kennis ten opsigte van die gehegtheidsteorie; vanuit die gehegtheidsteorie ontwikkel die tweevoudige ontwikkelingspsigoterapie ten einde gehegtheidsproblematiek aan te spreek; die ontwikkelingsteorie werp lig op die gevolge van trauma vir die kwesbare kind, wat permanente sorg en beskerming benodig; slegs die maatskaplike werker met aannemingsbevoegdheid mag



aannemingsdienste lewer; eers ná die integrasie van aannemingsbevoegdheid kan intensiewe aannemingsdienslewering na wense realiseer; die wetlike raamwerk van aanneming bepaal hoe die proses van aanneming behoort te verloop; nasionale aannemingsdienste word deur geakkrediteerde aannemingsorganisasies sowel as aannemingsmaatskaplike werkers in privaatpraktyk gelewer, terwyl slegs geakkrediteerde aannemingsorganisasies internasionale aannemingsdienste mag lewer; 'n oueropleidingsprogram stel die aannemingsmaatskaplike werker in staat om tesame met die aanneemouer 'n span te vorm wat aandag aan die gehegheidsproblematiek van die aangenome kind te kan lewer. Vanweë 'n gebrek aan bogenoemde opleidingsprogramme, is die aannemingsmaatskaplike werker nie in staat om effektiewe dienste aan die aangenome kind en die aanneemouer te lewer nie, wat die behoefte vanuit die praktyk en voorlopige literatuuroorsig bevestig.

Die tweede tema wat uit die vlugtige oorsig na literatuur na vore kom, beklemtoon die volgende subtemas: die aannemingsmaatskaplike werker moet kennis dra van die aard van aanneming; asook die aard van gehegtheid; kennis rakende effektiewe dienslewering aan die biologiese ouers beïnvloed toekomstige potensiaal van die aangenome kind tot die vorming van 'n geborge gehegtheid; indien die voorbereiding van aanneemouer/s nie voldoende is nie, kan die aanneemouers moontlik nie in staat wees om die problematiek waarmee veral die ouer aangenome kind, wat al meer 'n globale tendens word, na vore kom, aan te spreek en te kan hanteer nie; kennis rakende die kliniese komponente van aanneming is noodsaaklik in die lewering van effektiewe en bewysgebaseerde dienste; verwickelinge in aanneming spreek die huidige tendense van aanneming aan, waarvan die aannemingsmaatskaplike werker kennis moet dra; die aanneembaarheidsbepaling en voorbereiding van die kind speel 'n rol in die potensiaal van die aangenome kind om 'n geborge gehegtheid met die aanneemouer te vestig; maar die voorbereiding van die voornemende aanneemouer, veral ten opsigte van gehegtheid, kan nooit oorskakel word nie; die kind het die reg tot voorbereiding van die voorgename aanneming en indien dit nie na wense deur die aannemingsmaatskaplike werker uitgevoer word nie, kan dit 'n bepalende rol speel in die sukses van die voorgename aanneming.

Die voorafgaande inligting vanuit die vlugtige oorsig bevestig dat daar nie net 'n behoefte aan 'n opleidingsprogram vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder bestaan nie, maar werp ook die lig op moontlike temas wat in sodanige opleidingsprogram aangespreek behoort te word.

## **AANBEVELINGS**

Ten einde maatskaplike werkers toe te rus tot beter dienslewering in terme van gehegtheid in aanneming, is dit aangewese dat:

- 'n opleidingsprogram ten opsigte van gehegtheid in aanneming vir die unieke Suid-Afrikaanse omstandighede nagevors en ontwikkel behoort te word;
- aannemingsmaatskaplike werkers aan sodanige opleidingsprogram blootgestel behoort te word;
- sodanige opleidingsprogram na afloop van die aanbieding geëvalueer behoort te word vir verdere aanpassings en aanbevelings;
- 'n aanbeveling na Suid-Afrikaanse universiteite, wat maatskaplike werkers oplei, gemaak word om meer in-diepte aandag aan die opleiding van die gehegtheidsteorie op voorgraadse vlak te bied; en
- die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995) hersien behoort te word, ten einde tred te hou met nuwe terminologie vanuit onlangse navorsing.

## **GEVOLGTREKKING**

Die gehegtheidsteorie geniet tans noemenswaardige erkenning op die terrein van aannemingsdienslewering in maatskaplike werk. Die studie lig verskeie onderwerpe uit wat in 'n opleidingsprogram vir maatskaplike werkers wat gehegtheid in aanneming bevorder, opgeneem behoort te word. Die navorsers voorsien dat die kwaliteit van dienslewering kan verhoog indien maatskaplike werkers blootgestel word aan 'n opleidingsprogram ten opsigte van gehegtheid in aanneming.

## BRONNELYS

Abba Specialist Adoption & Social Services Abba. 2016. Adoption Training Manual. (Unpublished).

ATKINSON, A.J. & RILEY, D.B. 2017. Training for Adoption Competency: Building a Community of Adoption-Competent Clinicians. *Families in Society: The Journal of Contemporary Social Services*, 98(3):235-242. <https://journals-sagepub-com.nwulib.nwu.ac.za/doi/pdf/10.1606/1044-3894.2017.98.23> Date of access: 2 Nov. 2018.

BEEK, M. & SCHOFIELD, G. 2007. Attachment for foster care and adoption: A training programme. (In Golding, K.S., ed. 2007. Attachment theory into practice. Leicester: The British Psychological Society. p. 54-58). <https://www1.bps.org.uk/system/files/Public%20files/DCP/cat-378.pdf> Date of access: 24 Sept. 2018.

BLAKELY, T.J. & DZIADOSZ, G.M. 2015. Application of Attachment Theory in Clinical Social Work. *Health and Social Work*. 40(4):283–289. <https://academic.oup.com/hsw/article-lookup/doi/10.1093/hsw/hlv059> Date of access: 8 Aug. 2017.

BOTES, W. & RYKE, E.H. 2011. The competency base of social workers with regard to attachment theory in foster care supervision: A pilot study. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 47(1):31–50. <http://dx.doi.org/10.15270/47-1-141> Date of access: 2 Oct. 2017.

BRUWER, E. 2016. Understanding attachment in adoption. The changing face of adoption, the bi-annual conference of NACSA. <http://www.adoptioncoalitionsa.org/wp-content/uploads/2016/11/Eсна-Bruwer.pdf> Date of access: 1 March 2017. [PowerPoint presentation].

CARNES-HOLT, K. & BRATTON, S.C. 2014. The Efficacy of Child Parent Relationship Therapy for Adopted Children With Attachment Disruptions. *Journal of Counseling and Development* 92(3):328–337. <http://doi.wiley.com/10.1002/j.1556-6676.2014.00160.x> Date of access: 1 Oct. 2017.

CHARI, P.B. 2017. Children's Court procedures and adoption. [personal interview]. 3 Oct., Vereeniging.

COLONNESI, C., WISSINK, I.B., NOOM, M.J., ASSCHER, J.J., HOEVE, M., STAMS, G.J.J.M., POLDERMAN, N., & KELLAERT-KNOL, M.G. 2013. Basic Trust: An Attachment-Oriented Intervention Based on Mind-Mindedness in Adoptive Families. *Research on Social Work Practice*, 23(2):179–188. [https://www.researchgate.net/publication/51460396\\_The\\_Relation\\_Between\\_Insecure\\_Attachment\\_and\\_Child\\_Anxiety\\_A\\_Meta-Analytic\\_Review](https://www.researchgate.net/publication/51460396_The_Relation_Between_Insecure_Attachment_and_Child_Anxiety_A_Meta-Analytic_Review) Date of access: 1 March 2017.

CRISP, B.R. 2015. Systematic reviews: A social work perspective. *Australian Social Work*, 68(3):284-295. <http://dx.doi.org/10.1080/0312407X.2015.1024266> Date of access: 22 May 2017.

DE CAIRES, N. 2017. Kinderhofprosedures en Aanneming [telefoniese onderhoud]. 3 Okt., Pretoria.

Department of Social Development *kyk* South Africa. Department of Social Development.

- DICKSON, R., CHERRY, M.G. & BOLAND, A. 2014. Carrying out a systematic review as a master's thesis. (In Boland, A., Cherry, M.G. & Dickson, R. eds. *Doing a Systematic Review: A Student's Guide*. London: Sage. p. 1-16).
- DOBBINS, M. 2017. Rapid Review Guidebook. Steps for conducting a rapid review. <https://www.nccmt.ca/uploads/media/media/0001/01/a816af720e4d587e13da6bb307df8c907a5dff9a.pdf> Date of access: 20 Nov. 2018.
- DUGMORE, P. & COCKER, C. 2008. Legal, Social and Attitudinal Changes: An Exploration of Lesbian and Gay Issues in a Training Programme for Social Workers in Fostering and Adoption. *Social Work Education*, 27(2):159–168. <https://eds-a-ebSCOhost-com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?vid=1&sid=2c3840d5-65eb-4b18-b318-d7cdfacffbc3%40sessionmgr4006> Date of access: 24 Sept. 2018.
